



## HOOFSTUK 4

### DEELNAME VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG AAN DIE STRYD IN DIE MIDDELLANDSE SEEGBIED ASOOK IN DIE SUIDE VAN EUROPA

#### OPERASIE "HUSKY"


Tydens 'n konferensie tussen Amerikaanse en Britse militêre strateë te Casablanca in Januarie 1943, is daar besluit dat die Italiaanse eiland Sicilië binnegeval sou word.<sup>1</sup> Die besit van hierdie eiland sou die Geallieerde magte die nodige afspringplek bied om Italië binne te val, vanwaar verdere lugaanvalle op Duitsland en die Roemeense olievelde uitgevoer kon word.<sup>2</sup> Hierdie aanval wat as operasie "Husky" bekend sou staan, het heelwat beplanning aan die kant van die Geallieerde magte geverg waarin die lugmagte 'n aansienlike rol sou speel.

In die eerste plek moes die eilande Pantelleria, Lampedusa, Linosa en Lampione verower word.<sup>3</sup> Die verowering van hierdie eilande is as essensieel vir die sukses van operasie "Husky" beskou en wel om die volgende redes.

- 
1. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 2.
  2. Anthony Rhodes: "Sicily: The Prelude!" In Purnell's History of the Second World War, p. 1401.
  3. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Islands, S.A.A.F. Operations in the Campaign of the Islands (Pantelleria and Sicily) May 8th - August 19th 1943, p. 1.

Ten eerste was daar die vrees dat die Italiaanse garnisoen op Pantelleria die voorgename inval in Sicilië in die wiele kon ry. Hierdie vrees het later ongegrond geblyk te wees, maar op daardie stadium van die oorlog kon die moontlike gevaar egter nie negeer word nie. "At this stage of the war the tiny island still had a tremendous reputation, carefully built up by Fascist propaganda, according to which it was a second Gibraltar or Malta. This was a view that could not be challenged by foreigners, for the Italians made sure that none ever visited the place."<sup>4</sup>

## SICILIË EN DIE EILANDE



4. David Woodward: "Sicily: The Assault!" In Purnell's History of the Second World War, p. 1403.

Tweedens het die teenwoordigheid van Italiaanse magte op hierdie eilande die gevaar ingehou dat vyandelike vliegtuie vandaar aanvalle op Geallieerde teikens kon uitvoer.<sup>5</sup> Aan die ander kant sou die besit van hierdie landingsvelde weer vir die Geallieerde magte groot voordele inhou deurdat hulle vandaar tydens operasie "Husky" aanvalle op Sicilië sou kon uitvoer.<sup>6</sup>

Gedurende Mei en Junie 1943, het die ligte, medium en swaar bomwerpers van die Geallieerde Lugmag, bygestaan deur vegter-bomwerpers, meer as 6 000 krygsvlugte teen die eilande Pantelleria en Lampedusa uitgevoer.<sup>7</sup> Van hierdie totaal het die ligte bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag meer as 300 krygsvlugte bygedra.<sup>8</sup> Die Italiaanse magte op Pantelleria het op 11 Junie 1943 oorgegee en Lampedusa en Linosa

- 
5. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Islands,  
S.A.A.F. Operations in the Campaign of the Islands  
(Pantelleria and Sicily) May 8th - August 19th 1943, p. 1.
  6. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 372, Lêer 4,  
S.A.A.F. Operations WW II, S.A.A.F. in Sicily July - August 1943, p. 3.
  7. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Islands,  
S.A.A.F. Operations in the Campaign of the Islands  
(Pantelleria and Sicily) May 8th - August 19th 1943, p. 2.
  8. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Islands,  
S.A.A.F. Operations in the Campaign of the Islands  
(Pantelleria and Sicily) May 8th - August 19th 1943, pp. 5 - 7.

op 13 Junie 1943. In die tussentyd is Campione deur die Italianers ontruim.<sup>9</sup>

Met die moontlike gevaar wat die eilande vir die Geallieerdes kon inhou uit die weg geruim, kon hulle nou voortgaan om die inval in Sicilië verder te beplan. Die inval wat vir Julie 1943 in die vooruitsig gestel is, het die volgende plan van aksie vir die Geallieerde Lugmag ingehou.


In die eerste fase van die lugoffensief moes lokale lugsuperioriteit oor Sicilië ten alle koste bekom word. Dit was imperatief vir die suksesvolle afhandeling van die Geallieerde inval in Sicilië, en het in die eerste plek daaruit bestaan dat lugaanvalle op vyandelike landingsvelde uitgevoer moes word om soveel vyandelike vliegtuie moontlik te vernietig.<sup>10</sup> Hierdie aanvalle sou egter op so 'n wyse versprei word, dat Italiaanse en Duitse militêre strateë nie met sekerheid kon aflei of die inval in Sicilië, òf Sardinië, òf in die suide van Frankryk

- 
9. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 238, Lêer FB/1,  
History of Sicilian Campaign beginning with air attacks on  
Pantelleria and Lampedusa with special reference to the role  
played by S.A.A.F. Squadrons May 1943 to August 1943, p. 2.
10. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and  
Middle East, Vol. V, p. 33.

òf in die Oostelike Middellandse Seegebied sou plaasvind nie.<sup>11</sup>

Derhalwe is aanvalle op vyandelike landingsvelde in Sardinië, Sicilië en die suide van Italië, asook op die hawes van Napels, Messina, Palermo en Cagliari uitgevoer.<sup>12</sup>

GEALLIEERDE BOMAANVALLE VOOR OPERASIE "HUSKY"



- 
11. S.A.W. Argief: S.A.A.F., Houer 63, Lêer AE/13/12/A, "G.A.F. Acitivity in the Mediterranean Theatre" - May, 1943 to March, 1944, R.A.F. Review No. 6, p. 95.
  12. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 32.

Om te voorkom dat Duitse vegvliegtuigskaders in Sicilië en die suide van Italië vanaf ander sentra soos onder andere Noord-Frankryk en die Balkan aangevul word, is bomaanvalle vanaf Brittanje op die noorde van Italië uitgevoer, terwyl aanvalle ook vanaf die Midde-Ooste op militêre teikens in die Dodekanesos en Egeïese Seegebied gedoen is.<sup>13</sup>

Die vernietiging en vaspenning van vyandelike vliegtuie was egter gedurende hierdie eerste fase van die lugplan nie die enigste mikpunt van die Geallieerde lugmagte nie. In 'n poging om die Italiaanse moreel op so 'n wyse te ondergrawe dat hulle nie met die oorlog sou wou voortgaan nie, is bomaanvalle ook op Italiaanse industrieë en ander siviele teikens uitgevoer.<sup>14</sup>

Fase twee van die lugoffensief is sewe dae voor die inval, wat op 10 Julie 1943 plaasgevind het,<sup>15</sup> in werking gestel.<sup>16</sup>

- 
13. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 32.
  14. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 32.
  15. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology - Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1940, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1943, p.2.
  16. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 32.

Afgesien daarvan dat aanvalle nog deurgaans op vyandelike landingsvelde uitgevoer is, is daar gedurende hierdie fase veral gepoog om Sicilië van die vasteland te isoleer, deur bomaanvalle op vyandelike verbindingslinies te doen.<sup>17</sup>

Die derde fase van die Geallieerde lugplan het die beskerming van die invalsmag se skepe tydens die vaart na en die landings in Sicilië behels.<sup>18</sup> Aangesien lokale lugsuperioriteit bokant Sicilië nog steeds die primêre doel van die Geallieerde Lugmag was, het aanvalle op vyandelike landingsvelde nog deurgaans die hoogste prioriteit gedurende hierdie fase geniet. Omdat die vegvliegtuie van die Geallieerde Lugmag nou meer hulle aandag aan die beskerming van die skepe van die invalsmag moes wy, is hierdie aanvalle aan Geallieerde bomwerpereskaders alleen oorgelaat.<sup>19</sup>

- 
17. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 33.
18. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 33.
19. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 33.



Daar is verwag dat vyandelike lugaanvalle die dag nadat die landings plaasgevind het, in felheid sou toeneem, aangesien die verdedigingsmagte in daardie stadium presies sou weet waar die invalsmag hulle troepe aan wal gesit het.<sup>20</sup> Derhalwe sou daar van die Geallieerde vegvliegtuie verwag word om alles in hulle vermoë te doen om die vyandelike lugaanvalle die hoof te bied.<sup>21</sup>

In hierdie stadium was die Geallieerde Lugmag in 'n baie sterker posisie as wat met die Duitse en Italiaanse Lugmagte die geval was. Teenoor die ongeveer 4 000 vliegtuie van die Geallieerde Lugmag, kon die Duitse en Italiaanse lugmagte op slegs tussen 1 800 en 1 900 vliegtuie staatmaak.<sup>22</sup>

- 
20. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 33.
21. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 33.
22. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Islands,  
S.A.A.F. Operations in the Campaign of the Islands  
(Pantelleria and Sicily) May 8th - August 19th 1943, p. 3.



Bydrae van die Suid-Afrikaanse Lugmag tot operasie "Husky"

Die Suid-Afrikaanse eskaders wat aan operasies oor Sicilië en Italië deelgeneem het, het dan ook in hierdie tydperk goeie rekenskap van hulle teenwoordigheid gegee.

No. 1 Eskader het gedurende Juliemaand 589 krygsvlugte ter ondersteuning van die Geallieerde lugplan vanaf Malta en Sicilië uitgevoer.<sup>23</sup>

Gedurende hierdie tydperk is een Fw 190A-3- en een Bf 109G-2-vegvliegtuig vir die verlies van een Spitfire-vegvliegtuig vernietig, terwyl 'n verdere twee Bf 109G-2-vliegtuie en een Dornier-vliegtuig beskadig is.<sup>24</sup> Gedurende die hele Siciliaanse veldtog wat vanaf 9 Julie tot 17 Augustus 1943 gestrek het,<sup>25</sup> het No. 1 Eskader 814 krygsvlugte uitgevoer,<sup>26</sup> waartydens vier vyandelike vliegtuie afgeskiet is vir die verlies van twee Suid-Afrikaanse vegvliegtuie.<sup>27</sup>

---

23. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, pp. 1 en 3.

24. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, p. 3.

25. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 372, Lêer 4, S.A.A.F. Operations WW II, S.A.A.F. in Sicily July - August 1943, Bylae: The S.A.A.F. in Sicily, p. 6.

26. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 372, Lêer 4, S.A.A.F. Operations WW II, S.A.A.F. in Sicily July - August 1943, Bylae: The S.A.A.F. In Sicily, p. 6.

27. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 372, Lêer 4, S.A.A.F. Operations WW II, S.A.A.F. in Sicily July - August 1943, Bylae: The S.A.A.F. in Sicily, p. 6.

Die ligte bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag, te wete Nos. 12, 21 en 24 Eskaders, het gedurende Juliemaand 750 krygsvlugte vanaf Malta uitgevoer,<sup>28</sup> waarvan 253 gedurende nagaanvalle in die tydperk 11 - 20 Julie 1943 onderneem is.<sup>29</sup>

Die sukses waarmee die Suid-Afrikaanse bomwerpers aanvalle op vyandelike landingsvelde uitgevoer het, is om verskeie redes moeilik bepaalbaar. Ten eerste was dit nie slegs die bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag wat hulle tot hierdie teikens gewend het nie, maar ook die swaar, medium en ligte bomwerpers van die Geallieerde lugmagte.<sup>30</sup> Om die skade wat die vyandelike lugmagte vanweë hierdie aanvalle ondervind het aan die optrede van 'n spesifieke lugmag of lugmageskader toe te dig, sou dus foutief wees.

In die tweede plek is die beskikbare Italiaanse en Duitse verslae aangaande die verliese deur hulle lugmagte tydens hierdie aanvalle gely, nie alleen vaag nie, maar ook teenstrydig van aard.<sup>31</sup> Wat ook al

- 
28. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3,  
S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943,  
S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, p. 2.
29. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3,  
S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943,  
S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, p. 2.
30. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, pp. 48 - 49.
31. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 48. (Voetnota).

die resultate van hierdie bomwerping was, kan daar aanvaar word dat die Suid-Afrikaanse bomwerpereskaders ook hulle deel tot die vernietiging van die meer as 200 Duitse en Italiaanse vliegtuie<sup>32</sup> bygedra het.

Aanvalle op vyandelike landingsvelde was egter nie die primêre doel van die Suid-Afrikaanse Lugmag tydens die Geallieerde inval in Sicilië nie. Vanaf 11 Julie het die Suid Afrikaanse bomwerpers hul ook daarop toegespits om vyandelike verbindingslinies te ontwig asook om noue ondersteuning aan die landmagte te verskaf.<sup>33</sup> Tydens een van hierdie aanvalle op Agira op 27 Julie 1943,<sup>34</sup> is die vyandelike verdedigingstelsels in so 'n mate ontwig, dat hierdie vyandelike vesting gemaklik deur die oprukkende Britse Agtste Leër verower is, waarna spesiale gelukwense deur die Agtste Leër aan No. 12 Eskader vir hierdie suksesvolle aanval gestuur is.<sup>35</sup>

- 
32. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 48. (Voetnota)
  33. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 372, Lêer 4, S.A.A.F. Operations WW II, S.A.A.F. in Sicily July - August 1943, Bylae: The S.A.A.F. in Sicily, p. 2.
  34. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1943, p. 2.
  35. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, p. 2 asook S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1943, p. 2.

Tussen 3 Julie 1943 en 17 Augustus 1943 het die bomwerpers van hierdie drie Suid-Afrikaanse eskaders, wat 35 persent van die totale ligte bomwerpermag van die Geallieerde lugmagte verteenwoordig het,<sup>36</sup> 1 046 krygsvlugte onderneem.<sup>37</sup> Hierdie getal krygsvlugte het 42 persent van die totale aantal ligte bomwerperkrygsvlugte van die Geallieerde lugmagte uitgemaak.<sup>38</sup>

Gedurende die tydperk vanaf 3 Julie 1943 tot 31 Augustus 1943, het genoemde drie Suid-Afrikaanse ligte bomwerpereskaders 12 888 bomme op teikens in Sicilië en Italië gewerp.<sup>39</sup> Hierdie bomme het 'n gesamentlike massa van ongeveer 764 968 kilogram verteenwoordig<sup>40</sup> en was

- 
36. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 874.
37. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 372, Lêer 4, S.A.A.F. Operations WW II, S.A.A.F. in Sicily July - August 1943, Bylae: The S.A.A.F. in Sicily, p. 3.
38. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, pp. 148, 183 - 184.
39. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 1st/15th September, p. 1.
40. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 1st/15th September, p. 1.


soos volg verdeel:

230 kilogram bomme	.....	941
115 kilogram bomme	.....	4 377
18 kilogram fragmentasiebomme	.....	1 948
1,8 kilogram brandbomme	.....	<u>5 622</u>
		<u>12 888</u> <sup>41</sup>

Aangesien 'n groot aantal van die krygsoperasies gedurende die nag plaasgevind het en ook vanweë die feit dat 'n groot persentasie van die bomme uit brand- en fragmentasiebomme bestaan het, is dit onmoontlik om die presiese sukses van hierdie aanvalle te bepaal. Daar kan dus alleenlik peil getrek word op enkele ontledings wat die oprukkende troepe van teikens gedoen het, nadat aanvalle deur die bomwerpers afgehandel was.

In 'n ontleding van die bomaanvalle wat op vyandelike verbindingslinies in die Randazzo - Bronte - Adrano- Bianciavilla-area in Sicilië deur hierdie ligte bomwerpers uitgevoer is, is daar gevind dat dit baie effektief was,<sup>42</sup> en volgens verslae: "...must have contributed greatly to the disruption of the enemy's road traffic."<sup>43</sup>

- 
41. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean area, 1st/15th September 1943, p. 1.
42. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean area, 16th - 31st August 1943, p. 1.
43. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean area, 16th - 31st August 1943, p. 1.



Afgesien van aanvalle wat op vyandelike verbindingslinies uitgevoer is, is krygsvlugte ook deur die ligte bomwerpers onderneem met artilleriestellings, hawe-installasies en dorpe as doelwit.<sup>44</sup> Tydens een van hierdie aanvalle wat op 'n vyandelike ammunisie-opslagplek naby die dorp Bronte in Sicilië uitgevoer is, is die teiken totaal verwoes.<sup>45</sup>

- 
44. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F.  
Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943,  
S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 1st to 15th August 1943, p. 1.
45. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F.  
Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943,  
S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 1st to 15th August 1943, p. 1.

Soos daar alreeds in die eerste hoofstuk van hierdie studie gemeld is, bly een van die belangrikste funksies van 'n lugmag die vermoë om korrekte inligting voor en tydens 'n veldslag aan die betrokke bevelvoerders te voorsien. In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse Lugmag, by name Nos. 40 en 60 Eskaders, waardevolle werk voor en tydens die inval in Sicilië gelewer.

No. 60 Eskader wat in die neem van lugfoto's gespesialiseer het, het alreeds sedert 15 Junie 1943 gedetailleerde fotografiese materiaal vir die beplanners van die inval in Sicilië verskaf.<sup>46</sup> Verdere verkenningswerk voor, en tydens die inval in Sicilië is deur vlieëniers van No. 40 Eskader uitgevoer.<sup>47</sup> Gedurende Juliemaand het hierdie eskader 286 verkenningsvlugte onderneem,<sup>48</sup> waarvan 'n rekordgetal van 22 vlugte op 10 Julie, die dag van die Geallieerde inval, gedoen is.<sup>49</sup>

- 
46. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1943, p. 1.
47. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1944, pp. 1 - 2.
48. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean area, 1st to 15th August, 1943, p. 2.
49. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 27



nog besig was om met Spitfire- en Kittyhawk-vliegtuie toegerus te word,<sup>54</sup> het die ander Suid-Afrikaanse eskaders wat aan die Noordkus van Afrika gestasioneer was, naamlik Nos. 3, 7, 15, 16 en 41 Eskaders, hulle deel tot die Geallieerde inval in Sicilië bygedra deur lugdekking aan die skeepskonvooi langs die Afrikaanse kus te verskaf.<sup>55</sup> Sodoende het die Suid-Afrikaanse eskaders in 'n mate die druk op die Geallieerde lugmagte verlig, deurdat eskaders wat andersins vir hierdie doel ingespan sou word, hulle aandag nou aan die Geallieerde lugoffensief in Sicilië kon gee.

Met die inname van die Siciliaanse kUSDorp Messina deur troepe van die Amerikaanse Sewende Leër op 16 Augustus 1943,<sup>56</sup> gevolg deur die Britse Agtste Leër op 17 Augustus 1943,<sup>57</sup> het die veldtog in Sicilië tot 'n einde gekom. Die Geallieerde magte het hulle nou vir die inval in Italië begin voorberei.


- 
54. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, p. 1.
55. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, pp. 1 - 3.
56. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 372, Lêer 4, S.A.A.F. Operations WW II, S.A.A.F. in Sicily July - August 1943, Bylae: Sicily, p. 7.
57. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 372, Lêer 4, S.A.A.F. Operations WW II, S.A.A.F. in Sicily July - August 1943, Bylae: Sicily, p. 7.



## DIE GEALLIEERDE INVAL IN ITALIË

Die inval in Italië in September 1943, het op drie fronte, naamlik Reggio di Calabria, Taranto en Salerno plaasgevind.<sup>58</sup>

### GEALLIEERDE INVAL IN ITALIË



---

58. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêr 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), The Invasion of Italy, pp. 1 - 2,  
asook H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 41.

Voordat daar enigins aan die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag in hierdie teater van die Tweede Wêreldoorlog aandag gegee word, moet ons eers na die grootte van die opponerende lugmagte en die samestelling van die Geallieerde Lugmag in die Middellandse seegebied kyk en daarna na die algemene lugstrategie wat die Geallieerde Lugmag in Italië sou voer.

#### Sterkte van die opponerende lugmagte

Wat die sterkte van die opponerende lugmagte betref, is dit duidelik as daar na onderstaande syfers gekyk word, dat die Geallieerde Lugmag 'n oorweldigende getalsoorwig geniet het.

Op 31 Augustus 1943 het die Duitse Lugmag in die suide van Frankryk, Noord-, Suid- en Sentraal-Italië, Sardinië, Griekeland, Roemenië en Kroasië in Joego-Slawië, 1 109 vliegtuie tot sy beskikking gehad.<sup>59</sup> Van hierdie getal vliegtuie was slegs ongeveer 574 lugwaardig.<sup>60</sup> Hierteenoor het die Geallieerde Lugmag oor meer as 3 000 vliegtuie beskik.<sup>61</sup> Tydens die Geallieerde inval by Salerno op 9 September 1943<sup>62</sup> het die invalsmag byvoorbeeld 3 280 vliegtuie tot sy beskikking

---

59. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:

History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 362.

60. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:

History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 253.


61. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 10.

62. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), The Invasion of Italy, p.2.

gehad, waarvan 2 460 lugwaardig was.<sup>63</sup>

### Bevelstruktuur van die Geallieerde Lugmag

In 'n poging om die optrede van so 'n groot aantal vliegtuie te koördineer, is daar besluit om die Geallieerde Lugmag in drie hoofbevelsgroepe, naamlik "Middle East Air Command", "Northwest African Air Force" en "Malta Air Command" te verdeel.<sup>64</sup> Hierdie drie groepe sou onder bevel van "Mediterranean Air Command" staan<sup>65</sup> en skematies sou die bevelstruktuur dus soos volg daaruit sien.



Die Suid-Afrikaanse Eskaders wat aan operasies in Italië deelgeneem het, het die deel van die Northwest African Air Force gevorm, en om hulle plek in hierdie bevelstruktuur aan te dui, sal daar in onderstaande paragrafe slegs 'n ontleding van hierdie bevelsgroep gemaak word.


---

63. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 225.

64. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 10.

65. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave:  
History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, pp. 874 - 875.

## NORTHWEST AFRICAN AIR FORCE



Die Suid-Afrikaanse ligte bomwerpereskaders wat No. 3 (S.A.) Vleuel sou uitmaak (Nos. 12, 21, en 24 Eskaders) het onder bevel van Tactical Bomber Force gestaan,<sup>67</sup> terwyl Nos. 1, 2, 4 en 40 Eskaders wat op hulle beurt No. 7 (S.A.) Vleuel gevorm het, het hulleself onder bevel van die Desert Air Force bevind.<sup>68</sup>

In Desember 1943 is daar, gesien in die lig van die veranderde eise wat aan die Geallieerde Lugmag gestel is, besluit om die bevelstruktuur nog verder stroombelyn te maak.<sup>69</sup> Die Mediterranean Air Command


- 
66. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), The Invasion of Italy, p. 4.
67. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, pp. 874 - 875.
68. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, pp. 874 - 875.
69. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 6.

het daarna as die "Mediterranean Allied Air Force" bekend gestaan,<sup>70</sup> en die res van die verskillende bevelsposte het soos volg daaruit gesien. "Mediterranean Allied Strategic Air Force" het alle strategiese bomaanvalle gehanteer, terwyl taktiese bomwerping onder bevel van "Mediterranean Allied Tactical Air Force" gestaan het.<sup>71</sup> Die maritieme afdeling van die Geallieerde Lugmag het onder "Mediterranean Allied Coastal Air Force" geressorteer, terwyl eskaders belas met foto- en verkenningswerk onder bevel was van "Mediterranean Allied Photo-Reconnaissance Wing".<sup>72</sup> "North African Air Transport Wing" en "216 Group Air Force-Transport and Ferry" was vir lugvervoer verantwoordelik.<sup>73</sup>

- 
70. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 6.
71. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, pp. 7 en 9.
72. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, pp 11 en 15 - 16.
73. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 17.



Skematies sou die bevelstruktuur dus soos volg lyk.



Suid-Afrikaanse eskaders wat by die oorlog in Italië betrokke was, het hulle na hierdie hergroepering van die Geallieerde Lugmag onder bevel van die Mediterranean Allied Tactical Air Force bevind.<sup>74</sup>

Sonder om in detail op die sterkte van elkeen van bostaande afdelings van die lugmag wat onder Mediterranean Allied Air Force geressorteer het in te gaan, is dit duidelik dat ons hier te make het met 'n lugmag wat op so 'n wyse uitgebou is, dat die strategiese, taktiese, verkennings, maritieme en vervoeroperasies met gemak deur elke afdeling behartig kon word.

---

74. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 10.

### Geallieerde lugstrategie in Italië

Betreffende die algemene strategie van die Geallieerde Lugmag tydens die veldtog in Italië, is strategiese bomwerping teen teikens in Duitsland, Joego-Slawië en Roemenië, nou ook vanaf die Middellandse Seegebied uitgevoer.<sup>75</sup> Afgesien van hierdie verpligting, is daar ter ondersteuning van die Geallieerde landmagte in Italië, taktiese krygsvlugte uitgevoer,<sup>76</sup> terwyl die behoud van lugsuperioriteit deur bomaanvalle op vyandelike landingsvelde uit te voer en vyandelike vliegtuie in die lug te vernietig, nog steeds as van kardinale belang beskou is.<sup>77</sup>

Bo en behalwe bogenoemde funksies, het die Geallieerde Lugmag, veral vanaf 1944 toe hulle 'n totale lugoorgewig en lugsuperioriteit geniet het, 'n "Afsluitingsoffensief" teen die Duitse troepe in Italië van stapel gestuur.<sup>78</sup> Hierdie spesifieke optrede aan die kant van die lugmag, wat in Engels as "Interdiction" bekend gestaan het, het daarop neergekom dat alle pad- en treinverbindings wat daar tussen die Duitse Leërmag

---

75. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 6.

76. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 9.

77. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), The Invasion of Italy, p. 5.

78. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 1.

en hulle basisse in Duitsland bestaan het, aangeval en vernietig moes word.<sup>79</sup> In teorie sou dit dan daarop neerkom dat hierdie leërmag, afgesny van alle voorrade, daartoe gedwing sou wees om te kapituleer.<sup>80</sup>

As deel van bogenoemde plan, het die Geallieerde Lugmag tydens operasie "Strangle" wat op 19 Maart 1944 van stapel gestuur is,<sup>81</sup> die volgende plan van aksie in werking gestel.

- a. Rangeerwerwe ten suide van die Pisa - Florence - Rimini-lyn, moes deur die medium bomwerpers van die Mediterranean Allied Tactical Air Force aangeval en vernietig word.
- b. Brûe in die gebiede Montalto di Castro - Orvieto - Pedaso - Cecina - Fano moes deur medium- en vegvliegtuig-bomwerpers vernietig word om dusdoende alle treinverkeer na Rome effektief te blokkeer.<sup>82</sup>

---

79. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 1.

80. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 1.


81. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 to June 1944, The S.A.A.F. In the Mediterranean, Chronology 1944, p. 8.

82. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 1.





### GEALLIEERDE OPTREDE TYDENS OPERASIE "STRANGLE"



#### Die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag in die Geallieerde lugstrategie

Wanneer die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag teen die agtergrond van bogenoemde lugstrategieë ontleed word, is daar enkele fasette van die lugoerlog wat baie sterk na vore kom.

In die eerste plek het die vegvliegtuig-bomwerpereskaders van hierdie lugmag vanweë die tipe oorlogvoering, asook die bergagtige terrein waar operasies uitgevoer is, baie sterker op die voorgrond getree as wat die geval in Noord-Afrika was. Ten tweede het klimaatsomstandighede en die groot samedromming van Geallieerde eskaders op landingsvelde 'n groot uitwerking gehad op die aantal krygsvlugte wat uitgevoer is. Anders as die geval in Noord-Afrika, waar daar genoegsame ruimte beskikbaar was vir landingsvelde en om groot hoeveelhede vliegtuie te hanteer, moes die Suid-Afrikaanse en Geallieerde eskaders daaraan gewoond raak dat landingsvelde in Italië, waar daar somtyds slegs 'n enkele weervaste aanloopbaan beskikbaar was, meer as die normale kwota vliegtuie moes akkommodeer.<sup>83</sup> In hierdie verband noem brigadier G.C. Krummeck dat lugkontroleurs by landingsvelde in Italië somtyds tot 24 vliegtuie moes laat land terwyl die vliegafstand tussen die vliegtuie minder as 600 meter was.<sup>84</sup>

- 
83. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Narratives (Provisional), Operation "Strangle", p. 14, Bylae: 3 (SAAF) Wing, Air-Operations, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 14.
84. G.C. Krummeck: "Fighter bombers over Italy". In Reader's Digest Illustrated Story of World War II, Vol. 2, p. 452.



### JESI-LUGHAWE IN ITALIË

('n Groot verskeidenheid vliegtuie

kan hier opgemerk word.

Vergelyk H.J. Martin and Neil Orpen:

Eagles Victorious, voorblad)

Vanweë die verspreidheid van die verskillende Suid-Afrikaanse eskaders  
in die Middellandse Seegebied, asook die verskeidenheid van funksies  
wat deur hierdie eskaders verrig is, sal die toerusting en operasies  
van die verskillende vleuels en eskaders van hierdie lugmag in die  
volgende aantal bladsye afsonderlik behandel en geëvalueer word.

Toerusting van die Suid-Afrikaanse Lugmag, 1943 tot 1945

Suid-Afrikaanse vegvliegtuigeskaders was almal met Spitfire L.F. Mk VB en Spitfire F. Mk IX-vegvliegtuie toegerus.<sup>85</sup> Die enigste uitsonderings was Nos. 5 en 11 Eskaders wat onderskeidelik met Mustang III en Kittyhawk IV-vegvliegtuie toegerus was.<sup>86</sup> Die Spitfire F.Mk IX-vegvliegtuig, wat vir die eerste keer in Junie 1942 aan operasies deelgeneem het,<sup>87</sup> het 'n maksimum spoed van 655 kilometer per uur en 'n hoogtegrens van 12 106 meter gehad,<sup>88</sup> 'n groot verbetering op die Spitfire L.F. Mk VB-vegvliegtuig se maksimum spoed van 574 kilometer per uur en 'n hoogtegrens van 10 820 meter!<sup>89</sup> Die bewapening van beide vliegtuie was dieselfde, naamlik twee Hispanno-kanonne en vier ,303 duim masjiengewere, maar waar die Spitfire L.F. Mk VB slegs daartoe in staat was om 'n bomvrag van 227 kilogram te vervoer, kon die Spitfire F.Mk IX-vegvliegtuig 'n bomvrag van 454 kilogram dra.<sup>90</sup>

---

85. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 3, Lêer AA/5, S.A.A.F. Squadrons Operational at peak period - October, 1944.


86. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 3, Lêer AA/5, S.A.A.F. Squadrons Operational at peak period - October, 1944.

87. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 148.

88. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 148.

89. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 148.

90. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 148.



SPITFIRE

SPITFIRE


(S.A. Weermag) (S.A. Weermag)

No. 5 Eskader was aanvanklik met Kittyhawk III en later met Kittyhawk met Kittyhawk IV-vliegtuie toegerus.<sup>91</sup> In Oktober 1944 het hulle die enigste Suid-Afrikaanse eskader geword wat met Amerikaanse Mustang IV-veg-vliegtuie toegerus is.<sup>92</sup> Hierdie vliegtuie kon 'n maksimum spoed van 725 kilometer per uur op 'n hoogte van 8 530 meter bereik<sup>93</sup> en kon 'n bomvrag van 907 kilogram vervoer.<sup>94</sup> Met 'n vliegafstand van

- 
91. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy, - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Squadron, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 3.
92. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F.R: 91, Operations in the Mediterranean, 1st to 15th October 1944, p. 2.
93. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, voetnoot p. 307.
94. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 206.



3 700 kilometer<sup>95</sup> was hierdie vliegtuie dan ook uiters geskik om  
aanvalle oor lang afstande uit te voer.



(Op die boonste foto verskyn die Mustang I wat die voorganger was  
van die P-51D Mustang. Laasgenoemde sou dan ook as die Mustang  
IV bekend staan. Vergelyk Elke C. Weal, John A. Weal and Richard  
F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, pp. 74 en 206.)


Dit was egter nie slegs ten opsigte van die vegvliegtuigeskaders  
die Suid-Afrikaanse Lugmag beter rekenskap van hulleself kon gee  
nie, maar ook wat hulle bomwerpers betref. Die Suid-Afrikaanse  
Lugmag het sedert 1944 ligte, medium en swaar bomwerpers tot hulle  
beskikking gehad om die oorlog teen hulle Duitse opponente voort  
te sit.

---

95. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 206.

In Desember 1943 het Nos. 15 en 21 Eskaders nog steeds met Baltimore III-bomwerpers aan operasies deelgeneem,<sup>96</sup> terwyl Nos. 12 en 24 Eskaders met Marauder II-bomwerpers,<sup>97</sup> wat die Britse ekwivalent van die Amerikaanse B-26C Marauder was,<sup>98</sup> toegerus is.

Hierdie Marauder II-bomwerpers het 'n maksimum spoed van 510 kilometer per uur, 'n maksimum vlieg hoogte van 7 163 meter en 'n vliegafstand van 1 850 kilometer gehad. Waar die DB-7B Boston- en Baltimore III-bomwerpers 'n maksimum bomvrag van 907 kilogram kon vervoer, was die Marauder II-bomwerper se maksimum bomvrag 2 359 kilogram.<sup>99</sup>




MARAUDER (S.A. Weermag)

96. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 to June 1944, The S.A.A.F. In the Mediterranean, Chronology 1943, p. 5.
97. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 to June 1944, The S.A.A.F. In the Mediterranean, Chronology 1944, pp. 6 en 7.
98. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 205.
99. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 205.



Waar bogenoemde bomwerpers vir taktiese bomwerping aangewend is, het die Suid-Afrikaanse Lugmag ook nog 'n verdere twee eskaders gehad wat tot die strategiese bomwerping van doelwitte in die Duits-beheerde Europa aangewend kon word. Hierdie twee eskaders, te wete Nos. 31 en 34 Eskaders, was met Liberator Mk. VI-bomwerpers toegerus. Die Liberator Mk. VI-bomwerper, met sy bemanning van agt lede, kon 'n bomvrag van 5 800 kilogram oor 'n afstand van 1 600 kilometer of 1 815 kilogram oor 'n afstand van 3 685 kilometer vervoer, terwyl hulle 'n maksimum spoed van 488 kilometer per uur gehad het.



LIBERATOR LIBERATOR

(S.A. Weermag) (S.A. Weermag)

- 
100. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 191.
101. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 192.



Moderne bomwerpers en vegvliegtuie was egter teen die middel van 1944 nie die enigste nuwe toevoegings tot die Suid-Afrikaanse Lugmag nie. Suid-Afrikaanse eskaders wat met foto- en verkenningwerk belas was, naamlik Nos. 40 en 60 Eskaders, het ook van die modernste vliegtuie tot hulle beskikking gehad om hulle onderskeie take te verrig.

Wat taktiese verkenning betref, is No. 40 Eskader, wat 'n ver pad sedert die veldtog in Oos-Afrika met hulle Hartbees-vliegtuie gekom het, met Spitfire L.F. Mk VB-vliegtuie toegerus.<sup>102</sup> Verder is No. 60 Eskader, wat hulle veral met fotowerk besig gehou het, met Mosquito PR. Mk IX en B.Mk XVI-vliegtuie toegerus.<sup>103</sup>

Die Mosquito-vliegtuig, wat ook as die suksesvolste Britse vliegtuig van die Tweede Wêreldoorlog beskryf is,<sup>104</sup> was een van die vinnigste vliegtuie waaroor die Geallieerde lugmagte beskik het. Hierdie vliegtuig was daartoe in staat om gedurende 'n vlak duik vanaf 9 150 meter tot 8 500 meter 'n maksimum spoed van ongeveer 800 kilometer per uur te behaal.<sup>105</sup> Hulle was dus vinniger as enige Duitse vegvliegtuig, behalwe natuurlik die Duitse spuitaangedrewe Me 262A-1a-vliegtuig wat tot 'n maksimum spoed van 870 kilometer per uur in staat was.<sup>106</sup> (Laasgenoemde vliegtuig het egter aanvanklik sy verskyning as bomwerper

---

102. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 11.

103. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, pp. 108 en 113.

104. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 138.

105. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 108.

106. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 125.


gemaak en sou eers teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog as vliegtuig ingespan word.)<sup>107</sup>



(Vergelyk: Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 136.)

Ook is eskaders wat belas was met die vervoer van personeel en voorrade, met moderne vliegtuie in die vorm van Dakota Mk III- en Dakota Mk IV-vliegtuie toegerus, terwyl eskaders wat die seegebiede moes patrolleer, PV-1 Ventura- en Beaufighter T.F. Mk X-vliegtuie gebruik het.<sup>109</sup>

- 
107. Elke C. Weal, John A. Weal and Richard F. Barker: Combat Aircraft of World War Two, p. 126.
108. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1943, p. 5.
109. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1943, p. 5.



VENTURA VENTURA

(S.A. Weermag) (S.A. Weermag)



BEAUFIGHTER BEAUFIGHTER

(S.A. Weermag) (S.A. Weermag)

Dit is gevolglik ook verstaanbaar waarom die skrywers van Eagles Victorious, die volgende aangaande die Suid-Afrikaanse Lugmag se toerusting geskryf het: "After some four years and nine months of war, the SAAF - which had started with only a handful of modern aircraft - had really grown up. It was actively fighting the

war in the Mediterranean theatre and Africa with almost every class of land-based aircraft."<sup>110</sup>

Optrede van eskaders belas met foto- en taktiese verkenningswerk.

Betreffende die belangrike rol van eskaders wat met fotowerk gedurende die Tweede Wêreldoorlog belas was, noem die skrywers van Eagles Victorious die volgende: "...only the air forces could provide the photographic coverage of areas such as the south of France, for future landings or other operations far in advance of the existing front lines. It was largely on the evidence brought back by the photo-reconnaissance squadrons' cameras that follow-up raids could be planned, secret factories pinpointed, train movements plotted and ships or army concentrations located."<sup>111</sup>

Te oordeel na bogenoemde uitspraak, het No. 60 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag wat met fotowerk belas was, wel aan die vereistes wat aan hulle gestel is, voldoen. Sonder om in detail op al die operasies van genoemde eskader in te gaan, sal enkele feite ten opsigte van die uitvoering van hulle pligte aangestip word.

Gedurende Augustus 1943 het No. 60 Eskader opdrag ontvang om die Duitse olieraffinadery by Ploesti in Roemenië, na afloop van 'n Ameri-

---

110. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 192.

111. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 109.





kaanse bomaanval te fotografeer.<sup>112</sup>

Van die 177 bomwerpers wat aan hierdie aanval deelgeneem het, is 54 deur vyandelike optrede in die lug en ook as gevolg van lugafweergeskut vernietig.<sup>113</sup> Dit is dus te verstane dat Amerikaanse strateë die sukses van hierdie aanval wou evalueer.


Aangesien die kortste roete na die teikengebied, naamlik vanaf Sirië oor Turkye as gevolg van Turkse neutraliteit onmoontlik was,<sup>114</sup> is daar besluit dat die vlug vanaf Derna aan die Noordkus van Libië oor die Egeïese See en Boelgarye sou strek.<sup>115</sup>

Na die suksesvolle fotografering van die teiken by Ploesti, het die vlieënier, luitenant A.M. Miller, en sy navigator, luitenant W.R. Allison, in hulle Mosquito PR Mk IX-vliegtuig na Derna teruggekeer.<sup>116</sup> Ongeveer 32 kilometer vanaf sy tuisvliegveld was die laaste brandstof opgebruik en het luitenant Miller, slegs deur buitengewone vliegvaardigheid aan die dag te lê, daarin geslaag om sonder die gebruik van sy motore op Derna te land en die foto's aan die gesaghebbendes te oorhandig.<sup>117</sup>

- 
112. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3,  
S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943,  
S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 1st to 15th August 1943, p. 2.
113. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 109.
114. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 109.
115. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 109.
116. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, pp. 109 - 110.
117. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 110.

Sodoende het die Suid-Afrikaanse Lugmag waardevolle inligting bekom wat die Geallieerde bevelvoerders in staat gestel het om die sukses al dan nie van die Amerikaanse bomaanval te ontleed. Op 30 September 1943 is foto's deur No. 60 Eskader, na afloop van Geallieerde bomaanvalle op Wiener Neustadt in Oostenryk geneem.<sup>118</sup> Dié eskader was die eerste Suid-Afrikaanse eenheid wat aan operasies oor Duitse

NO. 60 ESKADER SE OPTREDES IN  
SENTRAAL EUROPA



118. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 16th - 30th September, 1943, p. 3.

grondgebied deelgeneem het.<sup>119</sup>

Sedert Januarie 1944 was No. 60 Eskader by San Severo in Italië gestasioneer,<sup>120</sup> vanwaar operasionele vlugte oor 'n groot deel van Europa uitgevoer is soos op die voorafgaande kaart aangedui.

Ongunstige weersomstandighede oor die teikengebied, optrede van vyandelike vegvliegtuie en vyandelike lugafweergeskut, het nie verhoed dat hierdie vlieëniers van No. 60 Eskader hulle funksies verrig nie. So is Breslau in Pole, byvoorbeeld vier keer deur vlieëniers van hierdie eskader besoek om hulle werk aldaar af te handel.<sup>121</sup> Hierdie vlugte is in onbewapende vliegtuie uitgevoer<sup>122</sup> wat boekdele spreek vir die durf en waagmoed van die Suid-Afrikaanse vlieëniers.

- 
119. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 112.
120. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1944, p. 6.
121. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st - 15th April 1944, p. 6.
122. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 108.

Die teenwoordigheid van die Suid-Afrikaanse fotoverkenningeskader in die Middellandse Seegebied en die noeste vlyt waarmee hulle hul taak uitgevoer het, onderstreep weer eens die feit dat die Suid-Afrikaanse Lugmag aktief besig was om die lugoorlog op alle fronte in hierdie teater van die Tweede Wêreldoorlog voort te sit.

In 'n gebuite Duitse dokument word die volgende beweringe aangaande die rol wat verkenningeskaders van die Geallieerde Lugmag in Italië gespeel het, gemaak. In vertaalde vorm lui dit soos volg: "Vyandelike lugverkenning neem elke beweging, elke konsentrasie van troepe en elke wapen uit die lug waar en daarna kom hierdie teikens onder skoot, hetsy vanuit die lug of deur artillerievuur. Hierdie aanvalle word deur 'n noue skakeling tussen die vliegtuie, artillerie asook vegvliegtuig-bomwerpers te weeg gebring."<sup>123</sup> Die voor-die-hand-liggende vraag na aanleiding van hierdie Duitse beweringe is in hoe 'n mate die Suid-Afrikaanse vlieëniers van No. 40 Eskader, wat vir verkenningwerk en noue ondersteuning aan die landmagte verantwoordelik was, tot die effektiewe vernietiging van hierdie vyandelike teikens bygedra het.


Reeds voor die Geallieerde landings in Italië plaasgevind het, het hierdie eskader, afgesien van verkenningsvlugte wat oor die vasteland uitgevoer is, ook suksesvolle vuurleiding aan skepe van die Britse Vloot teen

---

123. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 31st August 1944, p. 2.



teikens tussen Kaap Pellaro en Melito verskaf.<sup>124</sup>



Bo en behalwe hierdie vuurleiding aan die Britse slagskepe, "Warspite" en "Valiant",<sup>125</sup> het die vlieëniers van No. 40 Eskader ook as "Pathfinders" vir Geallieerde vegvliegtuig-bomwerpereskaders in Italië opgetree.<sup>126</sup> Hierdie funksie het behels dat vliegtuie van genoemde eskader, nadat vyandelike teikens vanuit die lug opgespoor is, die vegvliegtuig-bomwerpers asook ligte en medium bomwerpers

---

124. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 43.

125. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 46.


126. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3,  
S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943,  
S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 16th - 30th September 1943,  
p. 2.

van die Geallieerde Lugmag na die teikens gelei het, waarna hierdie teikens aangeval en vernietig is.<sup>127</sup> Tydens die Geallieerde aanval op die Gustav-linie in Mei 1944,<sup>128</sup> het die optrede van No. 40 Eskader by die Cassino-sektor, die volgende lofbetuiging van die Britse Lugministerie uitgelok: "40 Squadron are therefore with some justification regarded as the most experienced Army Co-op Squadron in the Service and their long experience of the work was doubtless largely responsible for their success. H.Q. M.A.A.F. reports that the gunners' cry today is for more Arty R. (artillery reconnaissance)..."<sup>129</sup>

Die optrede van hierdie eskader tydens die sewe dae wat vir die verowering van die vesting by Cassino deur Amerikaanse landmagte<sup>130</sup> en die Poolse II-Korps<sup>131</sup> nodig was, het beslis hierdie kompliment verdien.

- 
127. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3,  
S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943,  
S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 16th - 30th September 1943, p. 2.
128. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), The Battle for Rome, p. 7.
129. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F.  
Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.:  
1st to 15th October 1944, p. 8.
130. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 215.
131. Robert Wallace and the editors of Time-Life Books,  
The Italian Campaign, p. 165.


Die vlieëniers van No. 40 Eskader het in die eerste sewe dae van die Geallieerde aanval op die Gustav-Linie, wat as operasie Diadem bekend sou staan,<sup>132</sup> 68 operasies ter ondersteuning van die Geallieerde landmagte uitgevoer.<sup>133</sup> Tydens die operasies het die vlieëniers somtyds op 'n hoogte van tussen 30 en 60 meter gevlieg, op soek na verskuilde Duitse artilleriestellings en troepkonsentrasies.<sup>134</sup> Die vlugte het in 'n groot mate bygedra tot die suksesvolle uitwissing van vyandelike vestings en die gevolglike sukses van die Geallieerde offensief en die opmars na Rome.



- 
132. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 to June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1944, p. 9.
133. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 215.
134. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st - 15th May 1944, p. 5.

Vlieëners van No. 40 Eskader het egter nie net in Italië aan operasies deelgeneem nie, maar ook in Griekeland. Op 4 Desember 1944 is vier vlieëners van die eskader oorgeplaas om aan operasies in die gebied Athene - Korinthe - Tripolis, asook so ver noord as Larisa, deel te neem.<sup>135</sup>

#### NO. 40 ESKADER IN GRIEKELAND



Hierdie vlieëners het onder bevel van No. 337 vleuel van die Britse Lugmag gestaan.<sup>136</sup> Alreeds gedurende die eerste maand van optrede, was hulle verantwoordelik vir onder andere die opsporing en vernietiging

---

135. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F.

Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.:

1st to 15th December 1944, p. 7; asook 16th to 31st December 1944, p. 7.

136. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F.

Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.:

1st to 15th December 1944, p. 7.

van 'n groot vyandelike ammunisie-opslagplek.<sup>137</sup>

### Optrede van vegvliegtuig-bomwerpers

Dit was egter nie alleenlik hierdie twee Suid-Afrikaanse eskaders wat hulle deel tot die lugoorlog in Italië sou bydra nie. Suid-Afrikaanse vegvliegtuig-bomwerpers het hulle ook deeglik van hulle taak gekwyt. Die groepering en toerusting van hierdie eskaders was soos volg.

No. 7 (S.A.) Vleuel, bestaande uit Nos. 2, 4 en 5 Eskaders, was ten tye van die Geallieerde inval in Sicilië nog steeds met uitgediende Kittyhawk-vegvliegtuie toegerus.<sup>138</sup> As gevolg van verhoë van veral generaal Smuts,<sup>139</sup> het Nos. 2 en 4 Eskaders in Julie en Augustus 1943, Spitfire-vegvliegtuie ontvang.<sup>140</sup> Aangesien daar egter nie genoegsame Spitfire-vegvliegtuie beskikbaar was om No. 5 Eskader ook toe te rus nie, het hulle hul Kittyhawk-vegvliegtuie behou en is hulle na No. 239 Vleuel van die Britse Lugmag oorgeplaas, wat uitsluitlik van Kittyhawk-vegvliegtuie gebruik gemaak het.<sup>141</sup> In die tussentyd is No. 1 Eskader

- 
137. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st December 1944, p. 8.
138. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, p.3.
139. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 44.
140. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology Operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 to June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1943, pp. 1 en 2.
141. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, July 1943, p.3.

wat onder bevel van No. 244 Vleuel van die Britse Lugmag gestaan het,<sup>142</sup> na No. 7 (S.A.) Vleuel oorgeplaas.<sup>143</sup> No. 7 Eskader, wat in Mei 1942 in die Midde-Ooste aangekom het,<sup>144</sup> en gedurende 1943 onder bevel van No. 219 Groep van die Britse Lugmag gestaan het,<sup>145</sup> het in April 1944 by No. 7 (S.A.) Vleuel aangesluit.<sup>146</sup>

Daar was vanaf April 1944, dus vyf Suid-Afrikaanse vegvliegtuig-bomwerpereskaders wat in Italië aan operasies deelgeneem het. Die getal het teen die tweede helfte van 1944 tot sewe eskaders aangegroei, toe No. 3 Eskader in Augustus 1944<sup>147</sup> en No. 11 Eskader in

---

142. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 11.

143. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 45.

144. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Schedule of S.A.A.F. (Flying) Units, p. 2.

145. C.J.C. Molony, F.C. Flynn, H.L. Davies, T.P. Gleave: History of the Second World War - The Mediterranean and Middle East, Vol. V, p. 877.

146. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14. Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, pp. 9 - 10.

147. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Schedule of S.A.A.F. (Flying) Units, p. 1.

September 1944,<sup>148</sup> as deel van No. 8 (S.A.) Vleuel tot die oorlog in Italië toetree het.<sup>149</sup>

Nos. 2 en 4 Eskaders het, afgesien van die normale offensiewe en defensiewe krygsvlugte en die begeleiding van bomwerpers, ook die taak van vegvliegtuig-bomwerper vervul.<sup>150</sup> Aan die ander kant het No. 1 Eskader aanvanklik 'n suiwer vegvliegtuigeskader gebly.<sup>151</sup> Hierdie vleuel kon derhalwe op hulleself aangewese wees, in dié sin dat No. 1 Eskader bo-dekking aan die vegvliegtuig-bomwerpers van Nos. 2 en 4 Eskaders kon verskaf, terwyl hulle besig was om aanvalle op vyandelike teikens uit te voer.

Vanaf 2 Oktober 1943, het die vegvliegtuie van No. 7 (S.A.) Vleuel aanvanklik lugdekking van die Geallieerde skeepvaart in die Adriatiese See verskaf.<sup>152</sup> Hierdie funksies is egter op 13 Oktober 1943 deur veg-

- 
148. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Schedule of S.A.A.F. (Flying Units, p. 3.
149. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th September, 1944, p. 5.
150. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.
151. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.
152. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.

vliegtuie van No. 322 Vleuel van die Britse lugmag oorgeneem,<sup>153</sup> waarna die Suid-Afrikaanse eskaders na Palata, ná aan die Foggia-vliegvelde, vertrek het.<sup>154</sup>

In antisipasie van die rol wat No. 7 (S.A.) Vleuel in Italië sou vertolk, het Nos. 2 en 4 Eskaders na die gebruik van Spitfire Mk VC-vegvliegtuie oorgeslaan.<sup>155</sup> Hierdie vliegtuie was daartoe in staat om 'n bomvrag van 115 kilogram te vervoer, terwyl die vliegtuie met vier 20 millimeter Hispano-kanonne toegerus was.<sup>156</sup>

As gevolg van die lae Duitse lugbetrokkenheid in Italië, is daar besluit om offensiewe operasies deur vier, in stede van twaalf, vliegtuie uit te voer.<sup>157</sup> Hierdie besluit het daartoe aanleiding gegee dat meer vyandelike doelwitte aangeval kon word.

- 
153. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.
154. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.
155. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.
156. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.
157. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.



Aangesien daar gou ondervind is dat daar nie genoegsame teikens in Italië te vinde was nie, is toestemming deur No. 7 (S.A.) Vleuel verkry om ook krygsvlugte oor Joego-Slawiese gebied uit te voer.<sup>158</sup>

In hierdie aanvalle op vyandelike teikens in Joego-Slawië, is daar dan ook heelwat gevoelige verliese aan die Duitse magte toegedien.

Gedurende die eerste van hierdie ekskursies na Joego-Slawië op 19 November 1943<sup>159</sup> is twee lokomotiewe en nege spoortrokke vernietig.<sup>160</sup> Vyf van hierdie trokke wat vernietig was, het brandstof vervoer.<sup>161</sup>

Dit was egter tydens aanvalle op vyandelike landingsvelde in Joego-Slawië op 24 Februarie 1944 en ook op 16 April 1944, duidelik dat No. 7 (S.A.) Vleuel werklik hulle staal getoon het. Op 24 Februarie is die vyandelike landingsvelde te Zemunik aangeval.<sup>162</sup> Gedurende hierdie aanval

- 
158. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional) Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 2.
159. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional) Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 2.
160. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional) Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 2.
161. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional) Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 2.
162. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional) Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 2.


is 14 vyandelike vliegtuie vernietig.<sup>163</sup> Vliegtuigloodse en barakke is beskadig,<sup>164</sup> terwyl tussen 30 en 40 dromme brandstof ook in vlamme opgegaan het.<sup>165</sup> Twee Suid-Afrikaanse vegvliegtuie is in hierdie aanval beskadig.

Op 6 April 1944 het vlieëniers van No. 7 vleuel hulle egter met oorgawe tot die vernietiging van vyandelike vliegtuie op die Joego-Slawiese landingsveld te Banjaluka gewend.<sup>166</sup> Tydens hierdie aanval is die volgende aantal vyandelike vliegtuie vernietig: tussen tien en vyftien CR.42AS-vliegtuie, vier Hs 126-taktiese verkenningsvliegtuie, twee Re.2002-vegvlvliegtuie, twee Bf 109-vegvlvliegtuie, twee Mc.202 Folgore-vegvlvliegtuie, een Me 210-vegvlvliegtuig-bomwerper, een Ju 87-duikbomwerper, een S.M. 82-vliegtuig wat as bomwerper of vragvlvliegtuig gebruik kon word, een He III-bomwerper asook een vliegtuig wat nie

- 
163. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 29th February 1944, p. 3.
164. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 29th February 1944, p. 3.
165. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 29th February 1944, p. 3.
166. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st - 15th April 1944, p. 3.

geïdentifiseer kon word nie.<sup>167</sup> 'n Totaal dus, van minstens 23 vliegtuie. Hierbenewens is 'n verdere ses vliegtuie, asook 'n vliegtuigloods beskadig, terwyl 'n brandstofopslagplek ook vernietig is.<sup>168</sup>

SUID-AFRIKAANSE AANVALLE VANAF BASISSE IN ITALIë OP  
VYANDELIKE LANDINGSVELDE IN JOEGOE-SLAWIë



Die indruk moet egter nie hier geskep word dat No. 7 (S.A.) Vleuel slegs in Joego-Slawië suksesvol opgetree het nie. In die tydperk tussen 22 Januarie en 16 Februarie 1944, het vliegtuie van hierdie

---

167. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st - 15th April 1944, p. 3.

168. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st - 15th April 1944, p. 3.

vleuel 114 transportvoertuie, 12 tenkwaens met brandstof, ses gepantserde voertuie, nege spoorwegtrokke asook een lokomotief in aanvalle in Italië vernietig.<sup>169</sup>

Die presiese aantal voertuie wat deur die vegvliegtuig-bomwerpers van No. 7 (S.A.) Vleuel gedurende 1944 en 1945 in Italië vernietig is, is egter moeilik bepaalbaar. Die rede hiervoor is dat daar nie altyd met sekerheid vasgestel kan word hoeveel voertuie in hierdie aanvalle werklik vernietig is nie, en dat vlieëniers oor die algemeen baie konserwatief in hulle aansprake was. As voorbeeld kan genoem word dat vliegtuie van No. 239 Vleuel van die Britse Lugmag, waaronder ook vliegtuie van No. 5 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag op 31 Mei 1944<sup>170</sup> 'n aanval op vyandelike transportvoertuie ten suide van Subiaco uitgevoer het. Die vlieëniers het op 'n totaal van 87 vernietigde voertuie aanspraak gemaak, terwyl die oprukkende Geallieerde grondmagte 102 vernietigde voertuie getel het.<sup>171</sup>

- 
169. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 6.
170. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 239, Lêer FB/1/Diadem, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Diadem", p. 25.
171. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 30th June 1944, p. 1.

Aanvalle op vyandelike toevoerlinies en landingsvelde was aanvanklik slegs bykomende funksies wat die vlieëniers van No. 7 (S.A.) Vleuel gedurende 1944 en 1945 moes uitvoer. Die begeleiding van bomwerpers was aanvanklik nog steeds die primêre funksie van hierdie vleuel. Wanneer 'n ontleding van die krygsvlugte gedurende April 1944 gemaak word, word daar bevind dat 67 persent van die krygsvlugte aan die begeleiding van bomwerpers bestee is, terwyl slegs 7 persent van die krygsvlugte aan bomaanvalle afgestaan is.<sup>172</sup> Die res van die krygsvlugte is aan offensiewe patrollies, verkenning en lug-en-see-reddingsaksies gewy.<sup>173</sup>

Nogtans het hierdie eenheid van die Suid-Afrikaanse Lugmag, wanneer die geleentheid homself voordoen, alles moontlik in die stryd gewerp ter ondersteuning van die Geallieerde Afsluitingsoffensief in Italië. Derhalwe is daar gedurende Mei 1944 op die vernietiging van vyandelike pad- en treinverbindings gekonsentreer. Vyandelike treinverbindings is telkemale ontwig deurdat spoorlyne op 77 plekke deur bomaanvalle van No. 7 (S.A.) Vleuel vernietig is.<sup>174</sup> Terselfdertyd is aanvalle ook op vyandelike skepe uitgevoer. In een so 'n operasie is 'n vyandelike olietenskip deur aanvalle van No. 2 en No. 4 Eskaders, in samewerking met die bomwerpers van No. 12 Eskader van die Suid-Afrikaanse

- 
172. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 8.
173. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 8.
174. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th June 1944, p. 5.

Lugmag, in die Italiaanse hawestad Ancona vernietig.<sup>175</sup>

Nadat die Geallieerde magte Rome op 4 Junie 1944 ingeneem het,<sup>176</sup> het eerste lugmaarskalk John Slessor van die Britse Lugmag, die effek van Geallieerde lugaanvalle op Duitse padverbindings soos volg beskryf: "It should not be forgotten in the flush of victory that the real break-through did not come till 1st June - twenty days after the opening of the offensive...the enemy's reserves of the two vital commodities - fuel and ammunition, were well below the danger point; his capacity to distribute stocks from the depots to units in sufficient quantities to meet the requirements of intensive fighting had been paralysed by his enormous losses in M.T. (motor transport) and the catastrophic condition of his roads."<sup>177</sup>

- 
175. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st June 1944, p. 3.
176. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1944, p. 11.
177. John Slessor: "The Effect of Air Power in a Land Offensive" in Journal of the Royal United Service Institution: No. 570, Vol. XCIII, 1948, p. 270.

Uit dié aanhaling is dit dus duidelik dat die vlieëniers van No. 7 (S.A.) Vleuel 'n groot bydrae tot die Geallieerde oorlogspoging in Italië gelewer het. Die effektiwiteit van hierdie aanvalle op vyandelike verbindings=linies is verder verhoog toe al die Suid-Afrikaanse eskaders van hierdie vleuel teen die einde van April 1944 met Spitfire IX-vliegtuie toegerus is.<sup>178</sup> Hierdie vliegtuie het twee 115 kilogram bomme vervoer terwyl sy verdere bewapening uit twee 20 millimeter kanonne en vier ,303 duim=masjiengewere bestaan het.<sup>179</sup>

Op 1 Augustus 1944, het No. 1 Eskader ook tot bomaanvalle met hulle Spitfire IX-vliegtuie oorgegaan.<sup>180</sup> Hierdeur is die destruktiewe moontlikhede van die Suid-Afrikaanse vleuel verder verhoog. Duitse verliese ten opsigte van vervoermiddels wat aan die hand van hierdie Suid-Afrikaanse vleuel vanaf Maart 1944 tot April 1945 gelei is, beloop meer as 1 100 transportvoertuie, 100 treintrokke en 30 lokomotiewe.<sup>181</sup>

- 
178. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 9.
179. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 9.
180. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th August 1944, p. 3.
181. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweeklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.

In die afwesigheid van enige noemenswaardige Duitse lugopposisie, is die vegvliegtuie van No. 7 (S.A.) Vleuel gedurende die tweede helfte van 1944 al meer in aanvalle op vyandelike artilleriestellings en sterkte-punte ingespan.<sup>182</sup> Geoordeel aan die groot aantal gelukwense wat na aanleiding van hierdie operasies van die grondmagte ontvang is,<sup>183</sup> het hierdie aanvalle 'n groot mate van sukses gehad. Die volgende aanhaling aangaande die kwalitatiewe bydrae van hierdie vleuel spreek boekdele. "No greater tribute could have been paid to the fine work done by No. 7 Wing than the strong efforts made by the 5th Army to retain their services on the central Italian front where they had been operating with XII Fighter Command while awaiting a move to Rimini from Foiano."<sup>184</sup>

- 
182. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th October, p. 3.
183. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th October, p. 3, 16th to 31st October p.4, 1st to 15th November, p. 3, 1st to 15th December p. 3, 16th to 31st December, p. 4.
184. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, SAAF contribution to Air Effort in the whole Mediterranean Theatre, p. 6.



Waar die begeleiding van bomwerpers en die vernietiging van vyandelike vliegtuie die primêre taak van die vliegtuie van No. 7 (S.A.) Vleuel 7 (S.A.) Vleuel uitmaak het, was dit egter nie die geval met die eskaders van No. 239 Vleuel van die Britse Lugmag nie. Hierdie Vleuel, waaronder No. 5 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag geressorteer het, se primêre taak was om noue ondersteuning aan die Geallieerde grondmagte te verskaf, asook om die vyandelike toevoerlinies te verwoes.<sup>185</sup>



'N KITTYHAWK IV MAAK GEREED OM IN ITALIË OP TE STYG

(S.A. Weermag)

185. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: 5 Squadron 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 1.

181. S.A.W. - Argief: WDSAAF, Houer 96, Lêer WDAIR, 96, Uittreksels uit historiese versies ook opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.

182. S.A.W. - Argief: WDSAAF, Houer 96, Lêer WDAIR, 96, Uittreksels

In aanvalle op vyandelike artilleriestellings en sterktepunte, was hierdie eskader ten spyte van hewige lugafweervuur, baie suksesvol. Hiervan getuig die volgende voorbeelde.

Ná 'n aanval op vyandelike stellings in die Castiglione-area op 26 Junie 1944, is twee seine van gelukwense van die Geallieerde grondmagte ontvang.<sup>186</sup> Aanvalle op artilleriestellings in die gebied tussen Ancona, Florence, Pisa en Luca was ewe suksesvol<sup>187</sup> en seine van "magnificent bombing" is van die grondmagte ontvang.<sup>188</sup> Op 2 September 1944 het die vlieëniers van No. 5 Eskader in aanvalle op artilleriestellings, agt voltreffers behaal terwyl die orige tien bomme ná aan die stellings ontplof het.<sup>189</sup> In aanvalle op vyandelike stellings ten suide van Rimini het die Geallieerde grondmagte weer eens hulle dankbaarheid jeens die akkurate bomwerping van hierdie eskader betuig.<sup>190</sup>

- 
186. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 30th June 1944, p. 3, 1st to 15th July 1944, p. 1.
187. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st July 1944, p. 4.
188. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th August 1944, p. 5.
189. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th September 1944, p. 5.
190. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 30th September 1944, p. 4.

Noue ondersteuning aan die Geallieerde grondmagte was nie die enigste bydrae van No. 5 Eskader tot die Geallieerde lugoffensief in Italië nie. Aanvalle op vyandelike toevoerlinies is met ewe groot sukses duer vlieëniers van hierdie eskader uitgevoer.

Waar die vegvliegtuig-bomwerpers van No. 7 (S.A.) Vleuel hulle veral op aanvalle op vyandelike padtoevoerlinies toegespits het, het die vegvliegtuig-bomwerpers van No. 5 Eskader hulle meestal tot die vernietiging van spoorverbindings, brûe en treine gewend.

Aanvalle wat op vyandelike brûe uitgevoer is, was egter minder suksesvol.

In 'n ontleding van die krygsvlugte wat No. 5 Eskader gedurende April 1944 onderneem het, word hierdie feit baie duidelik onderstreep. Van die 355 krygsvlugte wat gedurende hierdie maand onderneem is,<sup>191</sup> was 308 krygsvlugte gemik teen die vernietiging van verskeie brûe.<sup>192</sup>

In hierdie aanvalle is 'n totaal van 597 bomme (wat elk 212 kilogram geweeg het) op die brûe gewerp,<sup>193</sup> maar slegs elf voltreffers kon

- 
191. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 5 Squadron, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 7.
192. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 5 Squadron, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 7.
193. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 5 Squadron, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 7.

behaal word.<sup>194</sup> Dit verteenwoordig 'n persentasie van slegs 1,8 persent.

Wanneer daar na die metode van bomwerping gekyk word, is hierdie lae persentasie voltreffers heel verstaanbaar. Die vliegtuie het die teiken op 'n hoogte van ongeveer 2 000 meter genader, waarna hulle 'n duik van ongeveer 70° uitgevoer het. Die vlieëniers het nou hulle visier op die teiken ingestel en op ongeveer 1 200 meter is die stuurknuppel teruggetrek, sodat die teiken onder die neus van die vliegtuig verdwyn het. In hierdie stadium is die bomme gelos. Wanneer die bomme gelos word, kon die vlieënier derhalwe nie die teiken sien nie<sup>195</sup> en moet daar met die skrywers van "Union War Histories" saamgestem word wanneer hulle in hierdie verband verklaar dat "Dive bombing was thus a matter of trail and error..."<sup>196</sup>

Volgens statistiese analises wat gedurende 1944 van bomaanvalle op brûe gemaak is, is daar tot die volgende slotsom gekom. Om 'n brug in so 'n mate te beskadig of te vernietig dat daar 'n ernstige opeenhoping

- 
194. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 5 Squadron, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 7.
195. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 5 Squadron, 2 October 1943 to 11 May 1944, pp. 7 - 8.
196. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 5 Squadron, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 8.

van verkeer ontstaan, moet ongeveer 400 000 kilogram bomme tydens een operasie teen so 'n brug gemik word. Selfs dan kon daar verwag word dat in 40 persent van die operasies geen voltreffers behaal sou word nie!<sup>197</sup>

Gesien in die lig van bogenoemde gegewens, was die resultate wat No. 5 Eskader teen brûe in April 1944 behaal het, heel bevredigend. Die wenslikheid al dan nie van sulke aanvalle bly egter hoogs debateerbaar. Aangesien die strategiese voor- en nadele van die Geallieerde lugoffensief teen brûe egter nie binne die kader van hierdie studie val nie, sal volstaan word met die feit dat vlieëniers van No. 5 Eskader van Augustus 1944 tot April 1945, wel daarin geslaag het om meer as sewe brûe in bomaanvalle te vernietig of te beskadig.<sup>198</sup>

Dit was egter in aanvalle teen vyandelike treine, en in besonder lokomotiewe, waar No. 5 Eskader hulle slag wel deeglik in ondersteuning van die Geallieerde Afsluitingsoffensief getoon het. Vanaf Mei 1944

---

197. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Air Strategy in Italy, p. 3.

198. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st August, p. 5, 1st to 15th September, p. 5, 1st to 15th December, p. 5, 16th to 31st December, p. 5, 16th to 31st March, p. 7, 1st to 15th April, p. 6.

tot April 1945, was hierdie eskader vir die vernietiging van meer as 150 lokomotiewe verantwoordelik.<sup>199</sup> Terselfdertyd is meer as 360 transportvoertuie en 50 treintrokke na aanvalle as vernietig agtergelaat.<sup>200</sup>

Bogenoemde was egter nie die enigste bydraes wat Suid-Afrikaanse vegvliegtuig-bomwerpereskaders tot die oorlog in Italië gelewer het nie. Op 13 Oktober 1944 het No. 3 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag tot die oorlog in Italië toegetree,<sup>201</sup> terwyl No. 11 Eskader op 30 Oktober 1944 hulle buiging in operasies in Italië gemaak het.<sup>202</sup>

- 
199. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.
200. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.
201. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.
202. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st October 1944, p. 4.

Genoemde twee eskaders het tesame met twee Britse eskaders, te wete Nos. 87 en 185 Eskaders, No. 8 (S.A.) Vleuel uitgemaak.<sup>203</sup> Hierdie Suid-Afrikaans-beheerde vleuel, het hom veral daarop toegespits om noue ondersteuning aan die Geallieerde grondmagte te verleen,<sup>204</sup> terwyl aanvalle op vyandelike verbindingslinies nie uitgesluit was nie. Vir hulle ondersteuning van die grondmagte is vele gelukwense deur dié eskaders ontvang,<sup>205</sup> terwyl aanvalle op vyandelike opslagplekke,<sup>206</sup> spoorverbindings<sup>207</sup> en fabrieke met goeie gevolg uitgevoer is.

- 
203. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th October 1944, p. 4.
204. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy of '45 of Libertas), p. 15.
205. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th November, p. 5, 16th to 31st December, p. 5, 16th to 28th February, p. 5.
206. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th January, p. 5, 16th to 28 February, pp. 5 - 6, 1st to 15th March, pp. 7 - 8, 16th to 31st March, p. 6, 1st to 15th April, pp. 5 - 6.
207. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: November 1944 to April 1945.



Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse vegvliegtuig-bomwerpereskaders hulle deel tot die suksesvolle afhandeling van die oorlog in Italië bygedra het. Die volgende eenhede waaraan daar nou aandag gegee sal word, is die Suid-Afrikaanse bomwerpermag.

#### Optrede van bomwerpereskaders.

Waar die Suid-Afrikaanse Lugmag in Oos- en Noord-Afrika uitsluitlik met ligte bomwerpers toegerus was, het hulle in Italië ligte, medium en swaar bomwerpers tot hulle beskikking gehad. Om die beoordeling van die rol van hierdie bomwerpermag in Italië te vergemaklik, sal daar in die volgende aantal bladsye na die vertonings van eerstens die swaar bomwerpers gekyk word en daarna na die ligte en medium bomwerpers.

#### Swaar bomwerpers

Die eerste swaar bomwerperkrygsvlugte van die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende die Tweede Wêreldoorlog, is op 27 Mei 1944 uitgevoer toe twaalf Liberator Mk VI-bomwerpers die vyandelike landingsveld te Kastelli Pediada in Kreta aangeval het.<sup>208</sup> Na hierdie inisiële operasie het die swaar bomwerpers van No. 2 (S.A.) Vleuel, bestaande uit Nos. 31 en 34 Eskaders, aan verskeie operasies in Italië en die res van Europa deelgeneem.


---

208. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 242, Wartime operations of 2 Wing, S.A.A.F., Operations carried out by 31 Squadron while based at Kilo 40, Egypt, p. 318.



In 'n ontleding van die verskillende krygsvlugte wat hierdie twee eskaders tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog onderneem het, blyk dit dat die meeste krygsvlugte daarop gemik was om vyandelike verbindingslinies soos rangeerwerwe, pad- en treinverbindings ter ondersteuning van die Geallieerde Afsluitingsoffensief, aan te val. Die voorsiening van noodsaaklike voorrade aan anti-Duitse versetbewegings in Pole, Joego-Slawië en Italië, het naas aanvalle op vyandelike verbindingslinies, ook 'n belangrike deel van hulle krygsvlugte uitgemaak. Daarbenewens moes aanvalle op vyandelike olieraffinaderye, opslagplekke, hawes en landingsvelde uitgevoer word, terwyl ook myne in die Donaurivier gelê is.<sup>209</sup>

In die volgende sirkelsektorgrafiek, kan hierdie verdeling van operasies dan ook duidelik waargeneem word.




---

209. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.

Dit is opvallend dat die grootste verliese aan Suid-Afrikaanse kant gely is tydens operasies om voorrade aan anti-Duitse vryheidsvegters te voorsien. Dit het naamlik 45 persent van alle verliese uitgemaak. Verliese tydens aanvalle op vyandelike verbindingslinies het 26 persent beloop. Bomwerperverliese in operasies in aanvalle op olieraffinaderye was 16 persent, terwyl verliese tydens aanvalle op vyandelike opslagplekke en landingsvelde agt persent beloop het. Vyf persent van die verliese is gely tydens operasies om myne in die Donaurivier te lê.<sup>210</sup>

VERLIESE IN OPERASIES DEUR SUID-AFRIKAANSE  
SWAAR BOMWERPERS GELY




---

210. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.

Wanneer 'n ontleding van die rol van die Suid-Afrikaanse swaar bomwerpers gedurende die Tweede Wêreldoorlog gemaak word, kom die ondersoeker voor 'n probleem te staan. Die akkuraatheid waarmee hierdie eskaders hulle bomme gewerp het, of waarmee hulle myne gelê het, of waarmee voorrade per valskerm neergelaat is, is moeilik bepaalbaar. Dat hulle wel deur hierdie aanvalle 'n bydrae tot die Geallieerde oorlogspoging gelewer het, is egter 'n voldonge feit.

Afgesien van die materiële verliese wat die Duitse magte aan die hand van die Suid-Afrikaanse swaar bomwerpers gely het, moet die morele uitwerking van hierdie aanvalle op die Duitse soldate asook burgerlike bevolking, nie buite rekening gelaat word nie. Om 'n idee te vorm wat die uitwerking van sulke bomaanvalle op die mens het, kan die volgende voorbeeld genoem word. 24 Uur nadat 'n gekonsentreerde bomaanval van meer as 1 000 Britse bomwerpers op vyandelike stellings op 18 Julie 1944 in Frankryk uitgevoer is,<sup>211</sup> kon 70 persent van die Duitse soldate wat in opvolgoperasies deur Geallieerde troepe krygsgevangene geneem is, nie ondervra word nie aangesien hulle in daardie stadium nog niks kon hoor nie!<sup>212</sup>

---

211. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th August 1944, p. 1.

212. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th August 1944, p. 1.

Met die lê van myne in die Donaurivier het die Suid-Afrikaanse eskaders van No. 2 (S.A.) Vleuel ook 'n bydrae tot die Geallieerde oorlogspoging gelewer. Toe die Russiese Leërs die Lwow-Cernauti-spoorlyn verower het, kon die Hongaarse en Roemeense spoorlyne, wat in elk geval gebuk gegaan het onder Geallieerde bomaanvalle,<sup>213</sup> nie aan die Duitse voorraadvoorsiening voldoen nie. Om hierdie probleem die hoof te bied, het die Duitsers die Donaurivier vir die vervoer van voorrade ingespan.<sup>214</sup>

Alhoewel die lê van myne in die Donaurivier slegs twee persent van No. 2 (S.A.) Vleuel se operasies uitgemaak het,<sup>215</sup> is hierdie operasies volgens verslae wat ontvang is, suksesvol uitgevoer.<sup>216</sup> Hierdie myne

- 
213. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st July, 1944, p. 6.
214. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st July 1944, p. 6.
215. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, Uittreksels uit tweeweeklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.
216. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st July 1944, p. 6.

wat op 'n hoogte van tussen 30 en 150 meter uit die vliegtuie neergelaat is,<sup>217</sup> het daartoe aanleiding gegee dat verkeer op genoemde rivier teen Oktober 1944 'n afname van tussen 60 en 70 persent getoon het.<sup>218</sup> Nos. 31 en 34 Eskaders van die Suid-Afrikaanse Lugmag kan derhalwe daarop aanspraak maak dat hulle 'n wesentlike aandeel in hierdie afname gehad het.


In die voorsiening van voorrade aan anti-Duitse versetbewegings, het No. 2 (S.A.) Vleuel, soos reeds vroeër gemeld, die grootste persentasie ongevallen gelei. Dit is dan ook in 'n beoordeling van hierdie operasies dat 'n werklike waardebeoordeling van die aanvalle van die swaar bomwerpers van hierdie Suid-Afrikaanse vleuel gemaak kan word.

Wanneer 'n grafiese voorstelling van hierdie operasies gemaak word, is dit duidelik, soos in onderstaande sirkelsektorgrafiek aangedui, dat die grootste gedeelte van die operasies ter ondersteuning van

- 
217. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 243, Lêer FB/3/F, Proposed disruption of Danube traffic by mine-dropping (Operation Dancer)
218. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th October 1944, p. 2.

versetbewegings in Joego-Slawië uitgevoer is.<sup>219</sup>

VOORSIENING VAN VOORRADE AAN VERSETBEWEGINGS



Alhoewel die bevoorrading van versetbewegings in Warskou slegs ses persent van hierdie operasies uitgemaak het,<sup>220</sup> het die Suid-Afrikaanse

- 
219. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweeklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.
220. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweeklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.



swaar bomwerpers groot verliese gely. 'n Totaal van elf vliegtuie,<sup>221</sup> wat meer as 50 persent van die verliese tydens bevoorradingsoperasies verteenwoordig,<sup>222</sup> is tydens die operasies neergeskiet, met 'n gevolglike lewensverlies van 57 bemanningslede van wie 39 Suid-Afrikaners was.<sup>223</sup>

Alvorens die optrede van die Suid-Afrikaanse Lugmag se swaar bomwerpers in hierdie operasies na waarde geskat word, moet daar eers duidelikheid oor die noodsaaklikheid van bevoorrading van die verskillende vervoer- bewegings verkry word. Was hierdie pogings, gesien in die lig van die groot getal verliese gely, die moeite werd?

Tydens die opstand in Warskou het 10 000 Duitse soldate gesneuwel. 'n Verdere 7 000 Duitse troepe is na die opstand as vermis aangegee, terwyl 9 000 Duitse soldate beseer is.<sup>224</sup>

- 
221. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 239, Lêer FB/1/Warsaw, Warsaw Operations in figures.
222. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.
223. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 242, (Supply dropping operations to Polish Home Army by 31 and 34 Squadron, S.A.A.F.. August 13, 1944 - October 16, 1944).
224. A.E. van Jaarsveld: "Die Warskou-Debakel (met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse Lugmag se rol)". In Militaria 7/4, 1977, p. 37.

Optredes van die verskillende versetbewegings was egter nie alleenlik vir die dood van Duitse soldate verantwoordelik nie, maar het ook daartoe gelei dat duisende soldate ingespan moes word om hierdie opstandelinge in bedwang te hou. Militêre strateë het in hierdie opsig bereken dat die versetbewegings in Joego-Slawië daarvoor verantwoordelik was dat ongeveer 200 000 Duitse troepe gedurende 1944 in hierdie landstreek vasgepen is<sup>225</sup> - troepe wat andersins op ander Europese fronte gebruik kon gewees het!

Indien die genoemde syfers as korrek aanvaar word, dan was die bevoorrading van die verskillende versetbewegings in Europa van groot waarde vir die Geallieerde oorlogspoging. Dit is teen hierdie agtergrond dat die optrede van die swaar bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag beoordeel moet word.

Tydens hierdie operasies is die bemanningslede van die verskillende bomwerpers aan groot gevaar blootgestel. Ten eerste moes groot afstande oor vyandelike grondgebied afgelê word,<sup>226</sup> waartydens hierdie vliegtuie aan aanvalle deur vyandelike vegvliegtuie blootgestel is.<sup>227</sup>

- 
225. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR:91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th November 1944, "Supplies were dropped", p. 11.
226. A.E. van Jaarsveld: "Die Warskou-Debakel (met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse Lugmag se rol)". In *Militaria*, 7/4, 1977, p. 30.
227. John Colman: "Into the Holocaust". In *Reader's Digest Illustrated Story of World War II*, Vol. 2, pp. 474 - 475.

Ten tweede moes die teikengebied teen 'n lae hoogte en verminderde spoed genader word. Teen 'n hoogte wat tussen 200 en 300 meter gevarieer het,<sup>228</sup> en 'n lugspoed van ongeveer 225 kilometer per uur,<sup>229</sup> sou hierdie swaar bomwerpers maklike teikens vir vyandelike lugafweervuur uitmaak.

Dit was veral om bogenoemde redes dat die swaar bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag sulke geweldige verliese, veral in operasies oor Warskou gely het. Afgesien van hierdie verliese het die bemanningslede van Nos. 31 en 34 Eskaders voortgegaan om hierdie take wat aan hulle opgedra is, uit te voer. In die woorde van lugmaarskalk Guy Garrod van die Britse Lugmag: "It speaks highly for the courage of the crews that they saw so many of their fellows going down in flames, and yet never failed to make every effort to get more and more supplies to Warsaw."<sup>230</sup>

- 
228. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th November 1944, "Supplies were dropped", p. 11.
229. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 250.
230. S.A.W. - Argief: AIR, Houer 35A, Lêer AIR:32, The Warsaw Supplies Operations, p. 4.

Net soos in die geval in ander operasies waarin die twee Suid-Afrikaanse eskaders opgetree het, is die akkuraatheid waarmee voorrade op die teikengebied neergelaat is, moeilik bepaalbaar. Geoordeel aan verslae van die kant van die verskillende versetbewegings, was die operasies byna 100 persent geslaagd,<sup>231</sup> maar daar moet ook in gedagte gehou word dat sulke verslae nie altyd korrek was nie. Die rede hiervoor, soos in 'n verslag in 1944 uitgebring, is voor-die-hand-liggend: "There is a natural tendency for them to report a 100% success in order not to discourage the continuation of the operations."<sup>232</sup>

Daar word bereken dat elk van die 41 Suid-Afrikaanse Liberators ongeveer 1 800 kilogram voorrade na Warskou vervoer het.<sup>233</sup> Van hierdie voorrade

- 
231. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th November 1944, "Supplies were dropped", p. 11.
232. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F. 1st to 15th November 1944, "Supplies were dropped", p. 11.
233. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 239, Lêer FB/1/Warsaw, Warsaw Operations in figures.

het 43 persent in die hande van die Poolse verzetbeweging gekom.<sup>234</sup>  
Vanaf Augustus 1944 tot Februarie 1945 het die swaar bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag meer as 570 krygsvlugte ter ondersteuning van hierdie operasies na Noord-Italië, Joego-Slawië en die suide van Pole onderneem.<sup>235</sup> Waar elke vliegtuig ongeveer 1 800 kilogram voorrade gedra het, beteken dit dat die twee eskaders in hierdie tydperk meer as een miljoen kilogram voorrade vervoer het. Indien slegs 43 persent van hierdie voorrade, soos in die geval met die operasies na Warskou, in die hande van die verzetbewegings gekom het, beteken dit nogtans dat tussen 400 000 en 500 000 kilogram voorrade aan die verzetbewegings in Europa voorsien is.

Dit is dus uit die voorafgaande duidelik dat ook hierdie vleuel van die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n bydrae tot die uiteindelijke oorwinning in Europa gemaak het.

#### Ligte en medium bomwerpers

Die ligte en medium bomwerpereskaders van die Suid-Afrikaanse Lugmag in Italië het hulle veral op die verskaffing van noue ondersteuning

---


234. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 239, Lêer FB/1/Warsaw, Warsaw Operations in figures.

235. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.

aan die Geallieerde grondmagte toegelê, terwyl aanvalle ook op vyandelike toevoerlinies uitgevoer is.

Onderstaande grafiek stel die getal krygsvlugte voor wat hierdie eskaders in Italië en Joego-Slawië uitgevoer het.

LIGTE EN MEDIUM BOMWERPERKRYGSVLUGTE IN ITALIË EN JOEGOE-SLAWIË



Dit is duidelik uit die grafiek dat in die maande Oktober en Desember 1943 en Januarie, Februarie, Oktober en November 1944 baie min vlugte onderneem is. Die rede hiervoor is tweërlei.

In die eerste plek is Oktober normaalweg die natste maand in Italië.

Die volgende reënvalsifers illustreer dié feit baie duidelik.



REËNVAL IN MILLIMETERS

	September	Oktober	November	Desember	Januarie	Februarie	Maart	
Turyn	70	93	65	40	58	38	60	
Genua	122	198	178	125	103	108	105	
Leghorn	83	138	118	98	68	60	75	
Florence	83	100	98	70	48	53	68	
Ancona	70	98	68	48	40	40	40	
Trieste	118	150	103	78	60	58	70	236

As gevolg van dié reënvalpatroon was die landingsvelde van No. 3 (S.A.) Vleuel in November nog oor die algemeen in 'n onbruikbare toestand.<sup>237</sup>

In die tweede plek was No. 21 Eskader die enigste Suid-Afrikaanse bomwerpereskader wat gedurende Januarie en Februarie 1944 aan

236. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th October 1944, Notes on Autumn and Winter weather experienced in the Po Valley, Tuscany and Umbria, p. 1.

237. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 237, Lêer FB/1, S.A.A.F. effort in Italy, September 1943 to May 1945, p. 39.



operasies deelgeneem het.<sup>238</sup> Die rede hiervoor was dat No. 24 Eskader na Gambut in Sirenaika aan die Noord-Afrikaanse kus oorgeplaas is.<sup>239</sup> Verder was No. 12 Eskader gedurende hierdie maande besig om na Marauder II-bomwerpers oor te skakel,<sup>240</sup> en het derhalwe eers op 2 Maart 1944 weer aan operasies begin deelneem.<sup>241</sup>

In Italië het die Suid-Afrikaanse Lugmag se ligte en medium bomwerpers aanvanklik goeie rekenskap van hulleself gegee. In aanvalle op vyandelike rangeerwerwe en verbindingslinies in 1943 is goeie resultate behaal.<sup>242</sup> Gelukwense is ook van die Geallieerde grondmagte na die afhandeling van aanvalle op vyandelike sterktepunte en stellings

- 
238. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: 3(SAAF) Wing, Air Operations 2 October 1943 to 11 May 1944, p.14.
239. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st January 1944, p. 4.
240. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 237, Lêer FB/1, S.A.A.F. effort in Italy, September 1943 to May 1945, p. 20.
241. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, chronology 1944, p. 7.
242. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean area, 1st to 15th November 1943, p. 3.

ontvang.<sup>243</sup> Verder het vlieëniers van No. 3 (S.A.) Vleuel selfs as meesterbomwerpers ("Pathfinders") vir bomwerpers van die Amerikaanse Lugmag opgetree.<sup>244</sup>

Aan die begin van 1944, toe No. 21 Eskader alleen teen vyandelike doelwitte opgetree het, het daar egter 'n skielike insinking in die effektiwiteit van hul bomwerping ingetree. Om enkele voorbeelde te noem. In 'n aanval op vyandelike stellings by Tollo op 30 Desember 1943, het die bomwerpers hulle bomme ongeveer vyf kilometer binne die Geallieerde bomlyn gewerp, wat tot die dood van drie Indiese soldate gelei het.<sup>245</sup> Verder het dié eskader gedurende Januarie 1944 aan 23 operasies (276 krygsvlugte) deelgeneem.

Slegs in ses hiervan wat teen rangeerwerwe en klein dorpies uitgevoer is, is enigins suksesvolle resultate behaal.<sup>246</sup> Die res van die operasies

- 
243. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 31st October 1943, p. 1.
244. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. Operations Mediterranean Area, July - 15 November 1943, S.A.A.F. operations Mediterranean Area, 1st to 15th September 1943, p.1.
245. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 3 (SAAF) Wing, 2 October - 11 May 1944, p. 14.
246. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 15.


het as gevolg van swak bomwerping misluk.<sup>247</sup> Bomme het soms so  
ver as 900 meter van die teiken ontplof!<sup>248</sup> Nadat hierdie eskader  
drie dae geoefen het om hulle bomwerping te verbeter, het hulle gedurende  
Februarie 1944 algaande groter sukses behaal.<sup>249</sup>

Ook No. 12 Eskader, wat op 2 Maart 1944 vir die eerste keer met  
hulle Marauder II-bomwerpers aan operasies deelgeneem het,<sup>250</sup>  
het uit die staanspoor probleme met hulle bomwerping ondervind.  
Van die 18 operasies waaraan hierdie eskader gedurende Maart 1944  
deelgeneem het, was slegs een suksesvol.<sup>251</sup> Die rede hiervoor

- 
247. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae:  
No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 15.
248. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae:  
No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 15.
249. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae:  
No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 15.
250. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. Chronology operations  
North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) Period: April 1941 - June 1944,  
The S.A.A.F. in the Mediterranean, chronology 1944, p. 11.
251. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14,  
Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae:  
No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 16.

was dat noodsaaklike wysiginge wat aan die vliegtuie se bomvisiere aangebring moes word, agterweë gebly het.<sup>252</sup> Nadat hierdie regstellinge uitgevoer is, kon ook hierdie eskader met groter sukses en selfvertroue optree.<sup>253</sup>

Tydens die Geallieerde offensief teen die Gotiese Linie, noord van Florence, wat op 25 Augustus 1944 'n aanvang geneem het,<sup>254</sup> het die ligte en medium bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag, wel deeglik hulle deel gedoen.



252. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 16.
253. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer 14, Italy - Air Narratives (Provisional), Operation "Strangle", Bylae: No. 7 SAAF Wing, 2 October 1943 to 11 May 1944, p. 17.
254. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 272.

Die bomwerpers van No. 3 (S.A.) Vleuel het teen vyandelike stellings in die Pesaro-sektor,<sup>255</sup> weer eens hul veel geroemde "Shuttle Service", wat laas tydens die slag van El Alamein gebruik is, in werking gestel.<sup>256</sup> Na afloop van die aanvalle is vele gelukwense van die Geallieerde grondmagte ontvang.<sup>257</sup>

Gedurende die laaste kwart van 1944 tot April 1945 was die meerderheid van die Suid-Afrikaanse ligte en medium bomwerpers se aanvalle nog steeds op vyandelike stellings, asook verbindingslinies gekonsentreer. In hierdie aanvalle was die bomwerpers uiters suksesvol en het 'n substantiewe bydrae tot die beëindiging van die oorlog gelewer.


#### SUID-AFRIKAANSE LUGMAGOPERASIES IN DIE EGEÏESE SEEGBIED

Suid-Afrikaanse eskaders het reeds so vroeg as 15 Mei 1941 aan operasies in die Egeïese Seegebied deelgeneem,<sup>258</sup> toe Duitse

- 
255. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st August 1944, p. 4.
256. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 235, Lêer FA/3, S.A.A.F. contribution to Air Effort in the whole Mediterranean Theatre, p. 4.
257. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th to 31st August 1944, p. 5.
258. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, The S.A.A.F. in East Africa and the Middle East: A chronological survey, Period May '40 to May '43, The S.A.A.F. in Middle East, Chronology 1941, p. 1.

magte Kreta aangeval het.<sup>259</sup> Eers vanaf 1943 het die Suid-Afrikaanse Lugmag meer aktief by operasies in hierdie wêrelddeel betrokke geraak.

### EGEÏESE SEEGBIED



259. James A. Brown: Eagles Strike, p. 26.



Die Egeïese Seegebied het besondere strategiese waarde gehad. Met die nederlaag van die Duitse en Italiaanse magte in Noord-Afrika, het die behoud van 'n vastrapplek in die oostelike deel van die Middellandse See vir Duitsland al hoe belangriker geword.<sup>260</sup> Daarsonder was hulle blootgestel aan die moontlikheid van 'n Geallieerde inval in Griekeland en die Balkan. Om dit te voorkom, het die Duitse militêre opperbevel besluit om 'n verdedigingsmuur om die Egeïese Seegebied op te stel. Derhalwe is die eilande Kreta, Scarpanto en Rhodos swaar gefortifiseer en teen September 1943 was daar reeds meer as 45 000 Duitse troepe op hierdie en ander kleiner eilande gestasioneer.<sup>261</sup>

Die strategiese waarde wat hierdie eilande ingehou het, word in 'n artikel in die tydskrif "R.A.F. Review" soos volg uiteengesit:

"Retention of these strategically vital islands, with their air and sea bases, denied us the possibility of single-engined fighter cover over the Aegean and thus rendered a landing on the mainland behind them impracticable."<sup>262</sup>

---

260. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Overall, "Operations in the Aegean - January to Sept. 1943", Extract from "R.A.F. Review" no. 4, p. 59.

261. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Overall, "Operations in the Aegean - January to Sept. 1943", Extract from "R.A.F. Review" no. 4, p. 59.

262. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Overall, "Operations in the Aegean - January to Sept. 1943", Extract from "R.A.F. Review" no. 4, p. 59.





Gedurende September 1943, het die Geallieerde opperbevel besluit om die eilande Casterosso, Leros, Samos en Cos te beset, en om hulle as basisse vir aanvalle op die Duitse verbindingslinies met Rhodos en die ander Duitsbesette eilande te gebruik.<sup>263</sup> Tydens hierdie operasie het die vegvliegtuie van No. 7 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag waardevolle werk verrig.

Onder leiding van majoor C. A. van Vliet van die Suid-Afrikaanse Lugmag,<sup>264</sup> het 'n klein groepie lugmagpersoneel hulle op 14 September 1943 op die eiland Cos gevestig.<sup>265</sup> Krygsvlugte is vanaf 16 September 1943 onderneem<sup>266</sup> en alreeds op hierdie dag het die Suid-Afrikaners hulle eerste oorwinning in hierdie area gesmaak toe luitenant E.M. Taylor en A.E.F. Cheesman 'n Ju 88-vliegtuig neergeskiet het.<sup>267</sup>

- 
263. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Overall, "Operations in the Aegean - Sept. to Dec. 1943", Extract from R.A.F. Review no. 5, p. 75.
264. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Cos, The Story of Cos, p. 1.
265. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Cos, The Story of Cos, p. 1.
266. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Cos, The Story of Cos, p. 2.
267. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Cos, The Story of Cos, p. 2.



Op 3 Oktober 1943 is Cos egter deur Duitse soldate ingeval<sup>268</sup>  
en alle georganiseerde weerstand was teen 4 Oktober 1943 tot  
niet.<sup>269</sup> Gedurende die tydperk vanaf 14 September tot 4 Oktober  
1943, was die Suid-Afrikaners vir die vernietiging van twaalf vyande=  
like vliegtuie in luggevegte verantwoordelik.<sup>270</sup> Agt Suid-Afrikaanse  
vegvliegtuie is egter in dieselfde operasies deur Duitse vlieëniers  
neergeskiet.<sup>271</sup>

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n duur prys moes betaal,  
het hulle blote teenwoordigheid die Duitsers verplig om 'n sterk  
mag in hierdie gebied te behou - soldate en vliegtuie wat op ander  
fronte, en meer spesifiek Italië, gebruik kon gewees het.<sup>272</sup>

Gedurende 1943 en 1944 was die belangrikste funksie van die Geallieerde  
lugmagenhede in die Egeïese Seegebied om te verseker dat belangrike

- 
268. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Cos,  
The Story of Cos, p. 9.
269. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Cos,  
The Story of Cos, p. 9.
270. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Cos,  
The Story of Cos, p. 10.
271. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Cos,  
The Story of Cos, pp. 2 - 9.
272. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Overall,  
"Operations in the Aegean - Extract from R.A.F. Review no. 6 -  
1st Quarter, p. 53.

voorrade nie die Duits-beheerde eilande van Kreta, Scarpanto en Rhodos bereik nie.<sup>273</sup> In hierdie poging was die Suid-Afrikaanse Lugmag se bydrae nie slegs tot Nos. 15, 16 en 17 Eskaders beperk nie, maar verdere hulp is vir afwisselende tydperke deur Nos. 24, 31 en 41 Eskaders verskaf.

No. 15 Eskader met hulle Baltimore III-bomwerpers,<sup>274</sup> en No. 16 Eskader wat gedurende die begin van 1944 met Beaufighter T.F. Mk X-vliegtuie toegerus is,<sup>275</sup> asook No. 17 Eskader met hulle PV-1 Ventura-bomwerpers,<sup>276</sup> het hulle veral daarop toegespits om vyandelike skeepsverkeer en landingsvelde aan te val.

- 
273. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 281, Lêer FC/1/Overall, "Operations in the Aegean - Sept. to Dec. 1943", Extract from R.A.F. Review no. 5, p. 75.
274. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Schedule of S.A.A.F. (Flying) Units, p. 3.
275. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, S.A.A.F. chronology operations North (M.E.F., B.N.A.F., C.M.P.) period April 1941 - June 1944, The S.A.A.F. in the Mediterranean, Chronology 1944, p. 6.
276. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Schedule of S.A.A.F. (Flying) Units, p. 4.




Wat die aanvalle op het die Baltimore III-bomwerpers van No. 15 Eskader aanvanklike suksesse teen die groter vragsepe behaal. 'n Voorbeeld hiervan was 'n aanval op 8 November 1943 van vier Baltimore III-bomwerpers op 'n vragskip in Sudabaai in Kreta.<sup>277</sup> Tydens hierdie aanval is die skip van bykans 4 000 ton deur twee bomme getref<sup>278</sup> wat heelwat skade aangerig het. Aanvalle op die ligter en kleiner Egeïese seilbote was egter minder suskesvol.

Die Beaufighter T.F. Mk X-vliegtuig, waarmee No. 16 Eskader sedert 7 Februarie 1944 aan operasies deelgeneem het,<sup>279</sup> was egter baie geskik vir aanvalle op hierdie kleiner vaartuie. Die vliegtuie met hulle bewapening van agt 11,4 kilogram pantserprojektile of agt 27 kilogram springkopvuurpyle,<sup>280</sup> het heelwat sukses teen skeepvaart in die Egeïese Seegebied behaal.

- 
277. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Meditteranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th November 1943, p. 3.
278. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th November 1943, p. 3.
279. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th February 1944, p. 2.
280. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 31st January 1944, p. 4.

Vanaf 7 Februarie 1944 tot 31 Mei 1944 is 26 aanvalle op seevaartuie uitgevoer.<sup>281</sup> Die juiste getal en tonnemaat van die vaartuie wat gekelder is, is egter moeilik bepaalbaar. Die gekelderde vaartuie waarvan wel rekenskap gegee kan word, beloop egter ongeveer 500 ton.<sup>282</sup>



'N BEAUFIGHTER VLIETUIG BESIG OM 'N AANVAL TEEN 'N  
VYANDELIKE SKIP TE LOODS.

(Vergelyk Richard Humble: "War in the Air" Purnell's History  
of the Second World War, p. 45.

- 
281. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.
282. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 96, Lêer WD.AIR: 91, Uittreksels uit tweeweklikse verslae soos opgeteken in S.A.A.F. Operations in the Mediterranean.



In Junie 1944 het die Geallieerde lugmag in die Egeïese Seegebied 'n verdere bydrae tot die vernietiging van Duitse voorrade aan hulle garnisoene in onder andere Kreta, gelewer. Hierdie lugaanval op 'n vyandelike skeepskonvooi op 1 Junie 1944<sup>283</sup> het lugmaarskalk sir Keith Park dan ook genoop om in sy gelukwense te verwys na 'n Britse seeslag wat op 1 Junie 1794 teen Frankryk gelewer is<sup>284</sup> en wat in die Britse annale as die "Glorious First of June" bekend sou staan.<sup>285</sup>

In hierdie lugaanval, waarin verskeie Duitse bote ten noorde van Kreta tot sink gebring is,<sup>286</sup> het eskaders van die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n belangrike rol gespeel. Hierdie feit word in lugmaarskalk sir Keith Park se gelukwense weerspieël wanneer hy onder andere die volgende opmerkings maak: "...the excellent work on the part of the bombers and their escorts, especially 15 Squadron S.A.A.F., and the magnificent show of the Beaufighters may

---

283. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 282, Lêer FC/5/E, "The Glorious First of June" – An account of the combined attack on the Enemy Convoy North of Candia Harbour on June 1st 1944, p.1.

284. "The Glorious First of June". In Reader's Digest Illustrated History of World War II, Vol. two, p. 435.

285. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 190. asook "The Glorious First of June". In Reader's Digest Illustrated History of World War II, Vol. two, p. 435.

286. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 282, Lêer FC/5/E, "The Glorious First of June" – An account of the combined attack on the Enemy Convoy North of Candia Harbour on June 1st 1944, p.4.

well result in one of the greatest defeats the enemy has suffered in the Aegean."<sup>287</sup>

Afgesien van die feit dat Suid-Afrikaanse vliegtuie 43 persent van die aanvalsmag uitgemaak het,<sup>288</sup> het 'n verdere elf Suid-Afrikaanse Liberator Mk VI-bomwerpers uit 'n aanvalsmag van 19 swaar bomwerpers, die Kretensiese hawe, Iraklion, gedurende die nag van 1 Junie 1944 aangeval.<sup>289</sup> Verdere aanvalle op skepe in Iraklion is op 2 Junie 1944 deur medium bomwerpers van No. 24 Eskader bygestaan deur die ligte bomwerpers van No. 15 Eskader en No. 454 Eskader van die Australiese Lugmag, uitgevoer.<sup>290</sup>

Na afhandeling van hierdie aanvalle op 1 en 2 Junie 1944 is die Duitse vragskepe "Sabine" en "Gerda Toft", wat 'n gesamentlike tonnemaat van meer as 4 000 ton gehad het, gekelder. Hierbenewens het 'n "Curtatone"-klas duikbootjagter, sowel as twee ander begeleidingskepe in die slag gebly, terwyl 'n tweede duikbootjagter

---

287. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th June 1944, p. 1.

288. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 282, Lêer FC/5/E, "The Glorious First of June" – An account of the combined attack on Enemy Convoy North of Candia Harbour on June 1st 1944, pp. 1-3.

289. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 282, Lêer FC/5/E, "The Glorious First of June" – An account of the combined attack on Enemy Convoy North of Candia Harbour on June 1st 1944, p.4.

290. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 1st to 15th June 1944, p. 9, asook H.J. Martin and Neil D. Ornen: Eagles Victorious. n. 234.



beskadig is.<sup>291</sup>

### MARITIEME VERKENNING

Aanvalle op vyandelike skeepvaart asook die begeleiding van Geallieerde skepe, was nie slegs tot die oostelike dele van die Middellandse See beperk nie. Hierdie funksies is ook deur die Geallieerde lugmag in die sentrale en westelike dele van die Middellandse See asook aan die Weskus van Afrika uitgevoer. Ook op hierdie gebied het die Suid-Afrikaanse eskaders hulle deel bygedra.

Maritieme verkenningsvlugte vanaf Takoradi aan die Weskus van Afrika is vanaf April 1943 deur No. 26 Eskader onderneem,<sup>292</sup> terwyl No. 22 Eskader dieselfde funksies vanaf Gibraltar uitgevoer het.<sup>293</sup> In die sentrale dele van die Middellandse See het No. 27 Eskader vanaf Malta<sup>294</sup> die seeroetes gepatrolleer op soek na vyandelike duikbote. Dit was egter nie alleenlik bogenoemde eskaders wat op hierdie gebied hulle deel tot die Geallieerde oorlogspoging bygedra het nie. Ook die Suid-Afrikaanse vegvliegtuie het hiertoe bygedra soos duidelik deur onderstaande episode geïllustreer word.

- 
291. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 282, Lêer FC/5/E, "The Glorious First of June" — An account of the combined attack on Enemy Convoy North of Candia Harbour on June 1st 1944, p. 4.
292. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A/i, S.A.A.F. Contribution to Union Year Book 1939 - 1945, p. 10.
293. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A/i, S.A.A.F. Contribution to Union Year Book 1939 - 1945, p. 10.
294. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A/i, S.A.A.F. Contribution to Union Year Book 1939 - 1945, p. 10.

Op 28 November 1943, moes vegvliegtuie van No. 3 Eskader die begeleidende vegvliegtuie van 'n skeepskonvooi ten noorde van Benghazi te hulp snel toe 'n Duitse bomwerpermag die konvooi genader het.<sup>295</sup> Die optrede van die begeleidende vegvliegtuie, bygestaan deur die vegvliegtuie van No. 3 Eskader, het in die daaropvolgende luggeveg verhoed dat die Duitse bomwerpers enige skade aan die konvooi berokken.<sup>296</sup> Amerikaanse troepe aan boord die skepe was egter baie beïndruk met die beskerming wat die vegvliegtuie hulle gebied het. Om hulle dankbaarheid op 'n tasbare wyse te toon, het hulle terstond onder mekaar gekollekteer en 'n fonds in die lewe geroep, waarvan die opbrengs, wat R2 000,00 beloop het,<sup>297</sup> aangewend moes word om die naasbestaendes van Geallieerde vegvlieëners wat moontlik in die luggeveg gedood is, by te staan.<sup>298</sup>

Die laaste aspek waaraan daar in hierdie hoofstuk aandag aan gegee word, is die rol wat die Suid-Afrikaanse Lugmag in die "Balkan Air Force" sou speel.

- 
295. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 30th November 1943, p. 3.
296. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 31st January 1944, p. 1.
297. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 31st January 1944, p. 1.
298. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91, S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations M.A.A.F.: 16th - 31st January 1944, p. 1.

## DIE ROL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LUGMAG IN DIE "BALKAN AIR FORCE"

Hierdie afdeling van die Geallieerde Lugmag in die Middellandse Seegebied is uitsluitlik in die lewe geroep om aanvalle op Duitse stellings in Joego-Slawië en Griekeland op 'n meer gekoördineerde wyse in samewerking met die leiers van die verskillende versetbewegings uit te voer.<sup>299</sup> Operasies soos deur ander eskaders van die Geallieerde lugmag in Joego-Slawië uitgevoer is, en waarna alreeds in hierdie studie verwys is, is egter nog steeds onderneem maar het nou onder leiding van die "Balkan Air Force" plaasgevind.<sup>300</sup>

Suid-Afrikaanse eskaders wat deel van die "Balkan Air Force" uitgemaak het, was tot Nos. 16, 19 en 25 Eskaders beperk gewees. Nos. 16 en 19 Eskaders was met Beaufighter T.F. Mk X-vliegtuie toegerus, terwyl No. 25 Eskader aanvanklik PVI-Ventura-bomwerpers tot hulle beskikking gehad het, wat later met Marauder II-bomwerpers vervang is.<sup>301</sup>

Wanneer 'n ontleding van die rol van hierdie eskaders in die "Balkan Air Force" gemaak word, is dit duidelik dat die Beaufighter-vliegtuie waarmee Nos. 16 en 19 Eskaders toegerus is, hulle uitstekend van hul taak in aanvalle op vyandelike sterktepunte en skepe gekwyt het. 28,9 Persent van die skepe wat deur die "Balkan Air Force" vernietig is,

---

299. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 242, Lêer FB/3/F,  
A History of Balkan Air Force (June 1944 to May 1945), p. 4.

300. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 242, Lêer FB/3/F,  
A History of Balkan Air Force (June 1944 to May 1945), p. 5.

301. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 237, Lêer FB/1,  
S.A.A.F. effort in Italy September 1943 to May 1945, p. 46.

kan aan die werk van die Beaufighter-eskaders toegeskryf word.  
Verder was hierdie eskaders vir die vernietiging van 29,8  
persent van vyandelike hoofkwartiere en sterktepunte verantwoordelik.

Wat die bomwerpers van No. 25 Eskader betref, het hierdie eskader,  
tesame met die ander ligte en medium bomwerpereskaders van die  
"Balkan Air Force", hulle veral op die vernietiging van rangeerwerwe  
en hawefasiliteite toegespits.<sup>302</sup>

'n Besondere suksesvolle operasie teen vyandelike skeepvaart in Volos,  
is deur No. 25 Eskader op 13 en 16 Oktober 1944 van stapel gestuur.<sup>303</sup>

Na afloop van die aanval op 13 Oktober 1944, het die bevelvoerder van  
die "Balkan Air Force", vise-lugmaarskalk W. Elliot,<sup>304</sup> die volgende  
boodskap van gelukwense aan No. 25 Eskader gestuur: "Following report  
received from British Liaison officer at Volos - 'Sensational re=  
sults reported from bombing of ships in Volos harbour. Most ships  
inner harbour destroyed by fire ...' Please convey my personal  
congratulations to No. 25 Squadron S.A.A.F., on their fine per=  
formance ..."<sup>305</sup>

- 
302. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 242, Lêer FB/3/F,  
A History of Balkan Air Force (June 1944 to May 1945), p. 89.
303. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 237, Lêer FB/1,  
S.A.A.F. effort in Italy, September 1943 to May 1945, p. 39.
304. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 308.
305. S.A.W. - Argief: WD (SAAF), Houer 96, Lêer WD. AIR: 91,  
S.A.A.F. Operations in the Mediterranean, S.A.A.F. Operations  
M.A.A.F.: 16th to 31st October 1944, p. 7.



### TER AFSLUITING

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse Lugmag in operasies in die Middellandse Seegebied, nie alleen aan die vereistes wat aan hulle gestel is voldoen het nie, maar dat hulle ook 'n stewige bydrae tot die Geallieerde oorlogspoging in hierdie teater van die Tweede Wêreldoorlog gelewer het.

## HOOFSTUK 5

### MARITIEME OPERASIES EN LUGVERVOER

Die aandeel van die Suid-Afrikaanse Lugmag in die Tweede Wêreldoorlog was nie alleen tot die slagvelde in Afrika en Europa beperk nie. Dit het ook maritieme operasies en lugvervoer ingesluit.

#### 1. MARITIEME OPERASIES

Soos in die voorafgaande hoofstuk gemeld, het die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n beduidende rol in operasies teen vyandelike skepe in die Middellandse Seegebied gespeel. Maritieme operasies was egter nie alleen tot hierdie gebied beperk nie. Dit het die beskerming van die seeroete om die Kaap ingesluit.

#### Beskerming van die seeroete om die Kaap

Die verloop van die oorlog in Afrika, Europa en die Verre-Ooste het nie alleen 'n invloed op die skeepsverkeer om die Kaap uitgeoefen nie; dit was ook bepalend ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Lugmag se betrokkenheid in die beskerming van hierdie roete. As gevolg van bogenoemde redes word die maritieme operasies van die Suid-Afrikaanse Lugmag volgens tydperke behandel.

Typerk Oktober 1939 tot November 1941

In 1941 is die funksies van die onderskeie eenhede van die Suid-Afrikaanse Lugmag wat by die beskerming van die seeroete om die Kaap betrokke was, soos volg uitgestippel: "... it is the duty of aircraft of the Coastal Command to be continuously on the look-out for enemy vessels and to ensure that no such vessels approach the coast of the Union undetected ... the aircraft are there to locate and report on all suspicious ships and to shadow such ships until further instructions are received. These instructions may entail the transformation of the aircraft from a 'watching force' into a 'striking force' or into a force co-operating with the Navy."<sup>1</sup>

Die vraag kan nou gestel word of die lugmag aan hierdie vereistes gedurende die jare 1939 tot 1941 voldoen het.

Om 'n antwoord op hierdie vraag te kry, sal daar nie 'n geskiedkundige relaas van die see-oorlog in die suidelike Atlantiese en Indiese Oseane gegee word nie, aangesien daar heelwat werke oor hierdie onderwerp

- 
1. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 260, Lêer B.I.: 16, South African Air Force, A Summary, The growth, duties and difficulties of South African Coastal Air Force, p. 3.



reeds die lig gesien het.<sup>2</sup> Daar sal op die volgende manier te werk gegaan word. In die eerste plek sal statistiek aangaande die totale aantal skepe wat die Suid-Afrikaanse hawes van Kaapstad en Durban sedert Oktober 1939 tot aan die begin van November 1941 aangedoen het, aangegee word. Tweedens sal 'n ontleding van die aantal skepe wat gekaap of tot sink gebring is, gemaak word. Derdens sal optredes van vyandelike skepe in hierdie waters onder die loep geneem word en ten laaste sal die suksesse al dan nie van die lugmag teen hierdie gegewens gemeet word.

Die getal skepe wat Durban en Kaapstad in die tydperk onder bespreking aangedoen het, blyk duidelik uit die volgende statistiek.<sup>3</sup>

- 
2. Bronne waarin die geskiedkundige verloop van die see-oorlog in die suidelike Atlantiese en Indiese Oseane uiteengesit is, is die volgende.
- James A. Brown: A Gathering of Eagles, pp. 289 - 306.
  - H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, pp. 167 - 284.
  - Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, pp. 93 - 94.
  - L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler.: War in the Southern Oceans.
3. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 338, Merchant Ship Traffic in S.A. Ports.



MAAND	AANTAL SKEPE IN DURBAN	AANTAL SKEPE IN KAAPSTAD	TOTAAL
Oktober 1939	102	246	348
November 1939	121	231	352
Desember 1939	123	231	354
Januarie 1940	100	201	301
Februarie 1940	86	165	251
Maart 1940	100	238	338
April 1940	110	197	307
Mei 1940	111	232	343
Junie 1940	178	340	518
Julie 1940	164	346	510
Augustus 1940	185	345	530
September 1940	152	313	465
Oktober 1940	195	355	550
November 1940	194	315	509
Desember 1940	200	347	547
Januarie 1941	176	321	497
Februarie 1941	131	281	412
Maart 1941	196	305	501
April 1941	159	312	471
Mei 1941	179	242	421
Junie 1941	155	294	449
Julie 1941	168	298	466
Augustus 1941	128	306	434
September 1941	145	307	452
Oktober 1941	130	275	405


Hierdie syfers onderskei nie die aantal oorlogskepe wat die onderskeie hawes maandeliks aangedoen het nie.<sup>4</sup> Verder is die veronderstelling dat van die skepe wat in hierdie tabelle aangetoon word, beide Durban en Kaapstad besoek het. Daar kan egter aangeneem word dat sowat 300 skepe hulle maandeliks in die Suid-Afrikaanse gebiedswaters bevind het.

Wanneer daar na die onderstaande grafiek gekyk word wat die skeepsverliese binne 'n gebied van 1 800 kilometer van die Suid-Afrikaanse kus in die ooreenstemmende tydperk aandui, is dit duidelik dat 'n minimale getal skepe die vyand ten prooi geval het. Hierdie skeepsverliese wat 'n gesamentlike Britse tonnemaat van 89 394 ton verteenwoordig het,<sup>5</sup> is slegs 'n breukdeel van die totale getal skepe wat die Suid-Afrikaanse hawes aangedoen het.

---

4. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 338, Merchant Ship Traffic in S.A. Ports.

5. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler:  
War in the Southern Oceans, pp. 268 - 269.



Daar mag verskeie redes aangevoer word waarom daar geen skeepsverlies gedurende hierdie tydperk naby die Suid-Afrikaanse kus voorgekom het nie. Een van die moontlike redes is dat daar baie min vyandelike oorlogskepe in die suidelike oseane gedurende hierdie jare was.

- 
6. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War in the Southern Oceans, pp. 268 - 269.



Daar was egter wel vyandelike skeep wat in hierdie suidelike waters operasioneel was. Eerstens was daar die beroemde "Admiral Graf Spee", 'n sakformaat slagskip wat die Duitse hawe Wilhelmshaven op 23 Augustus 1939 verlaat het.<sup>7</sup> Die "Admiral Graf Spee" het verskeie skeep in die suidelike Atlantiese Oseaan tot sink gebring alvorens hy die Kaap verby gevaar het om in die Indiese Oseaan teen Geallieerde skeepvaart op te tree.<sup>8</sup> Nadat hy die skip, die "Africa Shell", op 15 November 1939 naby die kus van Mosambiek gekelder het,<sup>9</sup> het hy weer na die Atlantiese Oseaan teruggekeer, waar verdere skeep tot sink gebring is.<sup>10</sup> Dit is hierdie beroemde skip wat uiteindelik op 17 Desember 1939, ná die Slag van die La Platarivier deur sy eie kaptein tot sink gebring is.<sup>11</sup>

- 
7. Kapitän zur Zee Bidlingmaier: "Raider at Large!" In Purnell's History of the Second World War, p. 35.
  8. Kapitän zur Zee Bidlingmaier: "Raider at Large!" In Purnell's History of the Second World War, p. 35.
  9. Kapitän zur Zee Bidlingmaier: "Raider at Large!" In Purnell's History of the Second World War, p. 35.
  10. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 18.
  11. Henry McCall: "The Trap." In Purnell's History of the Second World War, p. 61, asook Reader's Digest Illustrated Story of World War II, Vol. 2, p. 600.



Hierdie skip, "... built to outfight any ship fast enough to catch her and to outdistance one strong enough to sink her,"<sup>12</sup> het 'n wesentlike gevaar vir skeepvaart langs die Suid-Afrikaanse kus ingehou. "Had she sailed along the main searoute round Africa and perhaps made a surprise attack on the port of Durban, rich spoils would probably have awaited her. But as it was she passed 420 miles (ongeveer 680 kilometer) south of Cape Agulhas ..."<sup>13</sup>

Die doel waarvoor hierdie kaapvaarder deur die Duitse Vloot ingespan is, verklaar sy onwilligheid om nā aan die Suid-Afrikaanse kus op te tree. In hierdie opsig het kommandeur E.V. St. J. Morgan in 'n lesing in 1948 verklaar: "... the aim of commerce warfare is to destroy the enemy's shipping, or so disorganize it that the restriction on his trade becomes unbearable. The surface raider can assist this in three ways:


- a. By sinking ships.
- b. By disorganizing trade by fear of her presence ...
- c. By dispersing the enemy's armed forces so that other units - submarines, aircraft, etc., may have a better chance of destroying that trade."<sup>14</sup>

---

12. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 304, Sea Raiders in the 1939 - 45 War, p. 4.

13. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, pp. 17 - 18.

14. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 304, Sea Raiders in the 1939 - 45 War, p. 1.



Dit is veral ten opsigte van die laaste punt dat daar verstaan kan word waarom die "Admiral Graf Spee" huiwerig was om te na aan die seevaartroete om die Kaap op te tree. Sou hy deur vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag ontdek word, het die Britse Vloot geweet waar hy hom bevind en kon hulle hul soektog tot slegs een gebied beperk in plaas van oor die hele wêreld, soos wat wel die geval was. Daar mag interessantheidsalwe genoem word dat die Britse Vloot nie minder nie as 17 oorlogskepe



gebruik het om na die "Admiral Graf Spee" te soek.<sup>15</sup> Belangrik is egter die feit dat die blote teenwoordigheid van vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n bydraende faktor was wat die Duitse oorlogskip verhoed het om ernstige skade aan die skeepvaart om die Suid-Afrikaanse kus aan te rig.

Die "Admiral Graf Spee" was egter nie die enigste van die vyandelike kaapvaarders wat hulle in die suidelike oseane bevind het nie. Die Duitse Vloot het ook van goed bewapende handelsvaartuie gebruik gemaak om Geallieerde skepe te kelder of te kaap. Die eerste van hierdie vaartuie wat in die suidelike oseane opgetree het, was die "Atlantis" onder bevel van kaptein Bernhard Rogge.<sup>16</sup> Dié skip, bewapen met ses 15-sentimeter kanonne, een 7,5-sentimeter kanon, twee 3,7-sentimeter kanonne en vier 2-sentimeter lugafweerkannone asook vier torpedobuise,<sup>17</sup> het weliswaar groot gevaar vir Geallieerde skeepvaart in die suidelike oseane en dan ook meer spesifiek vir skeepvaart om die Kaap, ingehou.

Die taak van hierdie skip en ander gewapende handelsvaartuie sou wees om die Geallieerde skeepvaart deur verrassingsaanvalle op handelskepe

---

15. Kapitän zur Zee Bidlingmaier: "Raider at Large." In Purnell's History of the Second World War, p. 35.

16. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War in the Southern Oceans, p. 26.

17. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War in the Southern Oceans, p. 26.



te ontwrig.<sup>18</sup> Verrassings was dus die belangrikste eienskap van dié aanvalle wat met groot sukses deur die "Atlantis" uitgevoer is - die 22 handelskepe deur hom gekoop of gekelder in die tydperk 31 Maart 1940 tot 22 November 1941<sup>19</sup> getuig hiervan. Belangrik weer eens was die feit dat geeneen van hierdie verliese in die Suid-Afrikaanse gebiedswaters voorgekom het nie.<sup>20</sup> Die "Atlantis" het wel die Suid-Afrikaanse gebiedswaters binnegeseil om seemyne ten suide van Kaap Agulhas te plant,<sup>21</sup> maar geen Geallieerde skepe is as gevolg van hierdie seemyne gekelder nie.<sup>22</sup>

'n Susterskip van die "Atlantis", die "Pinguin", het ook hier opgetree, maar net soos in die geval van die "Atlantis", is ook geen aanvalle op

- 
18. Kommandeur E.V. St. J. Morgan: *Sea Raiders in the 1939 - 45 War*, Lesing van kommandeur Morgan gepubliseer in Royal United Service Institution, Februarie 1949, p. 5.
  19. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War in the Southern Oceans, p. 260.
  20. S.A.W. - Argief: *Union War Histories*, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 90.
  21. S.A.W. - Argief: *Union War Histories*, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 42.
  22. S.A.W. - Argief: *Union War Histories*, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 42.

skeepsverkeer om die Kaap gemaak nie.<sup>23</sup> Ook by die "Pinguin" het daar die vrees bestaan dat hy deur Geallieerde oorlogskepe of Suid-Afrikaanse vliegtuie ontdek sou word. Hierdie vyandelike kaapvaarders was nie die enigste wat met 'n wye boog om die Kaapse waters gevaar het nie. Op 2 Mei 1941 het die "Kormoran"<sup>24</sup> en op 24 Junie 1941 die "Orion"<sup>25</sup> ten suide van Kaapstad verby gevaar op soek na moontlike slagoffers.

Al het die Suid-Afrikaanse Lugmag nie daarin geslaag om enige van hierdie vyandelike skepe op te spoor nie, het hy nogtans in die afwesigheid van 'n sterk Britse Vlootteenheid<sup>26</sup> daarin geslaag om sy rol as 'n "watching force" met die swak toegeruste vliegtuie tot sy beskikking suksesvol te vertolk. In hierdie opsig kan die woorde van 'n tydgenootlike Suid-Afrikaanse strateeg, A.W. Steward, aangehaal word: "The best way to assess the work of the Coastal Air Force is not to examine the multitude of tasks carried out, but to realise that the object has been attained - our sea lanes have been kept safe.

- 
23. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, pp. 60 - 63.
24. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 89.
25. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, pp. 89 - 90.
26. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 54.

... many times enemy raiders have passed our coast; but they have always passed outside the range of the Coastal Command Aircraft. Inside the range of the aircraft, along the sea lanes, millions of tons of shipping have moved unmolested.

That is the measure of the achievement of the Coastal Air Force."<sup>27</sup>

Daar was egter ook gevalle waar die lugmag suksesvol was met die opsporing van vyandelike sowel as neutrale skepe wat daarvan verdink is dat hulle besig was om oorlogskontrabande te vervoer. Vyandelike skepe wat opgespoor is, was die Duitse skip die "Watussi" op 2 Desember 1939<sup>28</sup> asook die Italiaanse skip die "Timavo" op 11 Junie 1940.<sup>29</sup> Verder was die lugmag instrumenteel in die opsporing van die Joegoe-Slawiese skip, die "Trigloy" wat ook verdink is. Hierdie skip is op 1 Julie 1940 aangekeer en gedwing om na Kaapstad te vaar.<sup>30</sup>

- 
27. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 260, Lêer B.I.: 16, South African Air Force, A Summary, The growth, duties and difficulties of South African Coastal Air Force, pp. 15 - 16.
  28. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 19.
  29. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 48.
  30. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, p. 57.

Die posisie van die seeroete om die Kaap sou egter teen 1942 na afloop van die veldtog in Italiaans-Oos-Afrika van groter belang word, veral met die toetrede van Japan tot die oorlog.

#### Die besetting van Madagaskar

Die verowering van dié eiland in die Indiese Oseaan moet gesien word teen die agtergrond van militêre gebeure in Europa en die Verre Ooste teen die einde van 1941, en die gevare wat hierdie gebeure vir die seeroete om die Kaap ingehou het. In die S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek word die militêre toestand in die Indiese Oseaan baie duidelik geskets en volledigheidshalwe word dié deel net so aangehaal. "Op 7 Desember 1941 het die Japanse Lugmag die Amerikaanse Vloot by Pearl Harbour 'n ernstige knou toegedien en gesterk deur hulle welslae, het die Japanners voortgegaan om Hong Kong, die Maleise Skiereiland, die Fillipyne, Singapoer (die toenmalige Nederlands-Oos-Indië) en die Andaman-eilande te beset. Hiermee het Japan ook tot die oorlog teen die Geallieerde magte toegetree. In beheer van die suidwestelike Stille Oseaangebied aan die begin van 1942, het Japan sy voelers geleidelik weswaarts begin uitsteek. Die samesmelting van die Japanse en die alreeds teenwoordige vyandelike magte in die Midde-Ooste het 'n skrikwekkende moontlikheid geword.




Daarbenewens het die skepe, wat die Geallieerde magte in die Midde-Ooste en Indië van voorrade voorsien het, die roete om die Kaap gevolg. Indien die Japanners h vasstrapplek in die Indiese Oseaan kon kry, byvoorbeeld op Madagaskar, sou Japanse duikbote en vliegtuie h ernstige bedreiging vir hierdie belangrike Geallieerde verbindingskanaal inhou."<sup>31</sup>

In die lig van bogenoemde situasie is dit te verstane dat Madagaskar op strategiese gebied uiters belangrik geword het, veral die hawe Diego Suarez. In hierdie verband skryf kommandeur Kenneth Edwards van die Britse Vloot in 1945, "At the northern tip of Madagascar the fine land-locked harbour of Diego Suarez, then held by the Vichy French, dominated the thousands of miles of sea to its north and east. Had a determined enemy seized possession of this base he could have caused immense harm to our shipping throughout the Indian Ocean."<sup>32</sup>

- 
31. Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, p. 46.
32. Kenneth Edwards: Seven Sailors, p. 204.

Dit is om dié rede dat die Geallieerde magte in 1942 besluit het om Madagaskar met sy groot hoeveelheid natuurlike inhamme en vier vliegvelde<sup>33</sup> te beset.



Vergelyk J.E.H. Grobler: "Die Geallieerde besetting van Madagaskar in 1942 (deel 2): Die konsolidasietydperk, Mei - Augustus 1942" Militaria 8/1, 1978, p. 42

33. Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, p. 45.

Die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag in die besetting van Madagaskar.

Reeds voor die Geallieerde besetting van Madagaskar in Mei 1942 het Maryland-bomwerpers van die Suid-Afrikaanse Lugmag op 1 Maart en weer op 12 April 1942<sup>34</sup> geheime sendings vanaf Oos-Afrika onderneem om lugfoto's van Diego Suarez te neem.<sup>35</sup> Hierdie foto's was dan ook van groot waarde vir die Geallieerde invalsmag onder generaal-majoor R.G. Sturges wat oor die Britse seesoldate bevel gevoer het,<sup>36</sup> asook die bevelvoerder van die Britse Vloot, die Suid-Afrikaans gebore<sup>37</sup> skout-by-nag, sir E.N. Syfret.<sup>38</sup>

Met die Japannese aanval op Pearl Harbour op 7 Desember 1941 was die eenhede van die Suid-Afrikaanse Lugmag wat met kuspatroliepligte belas was, nog steeds met Anson-vliegtuie toegerus.<sup>39</sup>

---

34. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. in Madagascar, p. 2.

35. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A/i, S.A.A.F. Contribution to Union Year Book, 1939 - 1946, Madagascar.

36. Kenneth Edwards: Seven Sailors, p. 204.

37. Kenneth Edwards: Seven Sailors, p. 198.

38. Kenneth Edwards: Seven Sailors, p. 204.

39. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 169.

As gevolg van vertoë van generaal Smuts en generaal Van Ryneveld<sup>40</sup> tot die Britse regering, sou die Suid-Afrikaanse Lugmag Ventura-bomwerpers ontvang. Tot tyd en wyl hierdie vliegtuie ontvang is, het die Suid-Afrikaanse Lugmag na Beaufort-bomwerpers oorgeskakel.<sup>41</sup>

Op 3 Mei 1942 is 32-, 36- en 37-Vlug van die Suid-Afrikaanse Lugmag aangesê om na Lindi in Tanganjika (Tanzanië) te vertrek.<sup>42</sup> 32-Vlug wat met Maryland-bomwerpers toegerus was, asook 36- en 37-Vlug met hulle Beaufort-vliegtuie<sup>43</sup> het op 5 Mei in Lindi aangekom<sup>44</sup> waar hulle sou wag om na Madagaskar te vertrek.<sup>45</sup> Op pad na Lindi het twee Beaufort-vliegtuie egter neergestort<sup>46</sup> wat 'n aanduiding was van wat daar vir

- 
40. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 376, The S.A. Air Force, Vol. IV, pp. 136 - 137.
41. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, pp. 169 - 170.
42. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. in Madagascar, p. 2.
43. Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, p. 46.
44. Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, p. 46.
45. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. in Madagascar, p. 2.
46. Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, p. 46.



die Suid-Afrikaners te wagte was, aangesien hierdie vliegtuie heelwat probleme in Madagaskar sou oplewer.

Die vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag was egter nie bestem om oor 'n lang tydperk in Madagaskar diens te doen nie,<sup>47</sup> aangesien daar verwag is dat die Britse Lugmag hulle met 'n eskader Lysander-vliegtuie sou vervang.<sup>48</sup> Groot was die ontnugtering egter toe slegs ses, in plaas van 'n eskader Lysander-vliegtuie, op 29 Mei 1942 hulle opwagting in Madagaskar gemaak het.<sup>49</sup> Daar is derhalwe besluit om die Suid-Afrikaanse vliegtuie vir 'n onbepaalde tyd in Madagaskar te hou<sup>50</sup> en die drie vlugte is saamgegroeper en na No. 20 Eskader verdoop.<sup>51</sup>

Die neem van lugfoto's, die uitvoering van verkenningsvlugte oor land, asook duikbootjagpatrollies,<sup>52</sup> het sedert 12 Mei 1942, die

- 
47. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. In Madagascar, p. 2.
48. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. in Madagascar, p. 2.
49. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. In Madagascar, p. 2
50. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. in Madagascar, p. 2.
51. Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, p. 47.
52. J.E.H. Grobler: "Die Geallieerde Besetting van Madagaskar in 1942 (Deel 2): Die Konsolidasietydperk, Mei-Augustus 1942!" In Militaria 8/1, 1978, p. 47.

meeste van die Suid-Afrikaanse eskader se tyd in beslag geneem, terwyl aanvalle op vyandelike stellings en vliegvelde nie agterweë gelaat is nie.

Die veldtog in Madagaskar het voortgesloer en uiteindelik het die Franse op 6 November 1942 gekapituleer, "...exactly six months and one minute after the opening of hostilities. The position becomes clearer when it is realized that, according to French regulations, officials who have been six months in the field are entitled to extra pay and accelerated promotion."<sup>53</sup>

Gedurende hierdie veldtog het die vliegtuie van die Suid-Afrikaanse Lugmag 401 krygsvlugte onderneem<sup>54</sup> terwyl ses Beaufort- en een Maryland-vliegtuig as gevolg van vyandelike optrede en masjienprobleme neergedwing is.<sup>55</sup>

Weliswaar doen die vraag homself voor of die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n betekenisvolle bydrae tot hierdie veldtog gelewer het, veral in die lig daarvan dat die grootste deel van die vyandelike lugmag, bestaande uit 17 Morane 406-vegvliegtuie en tien Potez 63-bomwerpers,<sup>56</sup> reeds deur die Britse taakmag voor die koms

- 
53. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. in Madagascar, p. 9.
54. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A/i, S.A.A.F.: Contribution to Union Year Book, 1939 tot 1946, Madagascar.
55. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 370, Lêer XVII, The S.A.A.F. in Madagascar, p. 9.
56. Kenneth A. Maxwell, John M. Smith: S.A. Lugmag Goue Jubileumgedenkboek, p. 46.

van die Suid-Afrikaners, vernietig was.

Daar moet egter gewaak word daarteen om die bydrae van die Suid-Afrikaanse Lugmag teen die agtergrond van hulle optrede teen 'n vyandelike lugmag te meet. Hulle bydrae behoort eintlik gesien te word daarin dat hulle meegewerk het tot die ontsegging van 'n uiters belangrike strategiese gebied vir die vyandelike magte, in 'n stadium toe die Britse Lugmag nie daartoe in staat was nie.

#### Die jare 1942 tot 1945

Die oorlog in die oseane aan die suidpunt van Afrika gedurende die jare 1942 tot 1945, word veral deur die duikbootoffensief aan die kant van die Spilmoondhede teen Geallieerde skeepvaart gekenmerk. Vanaf Maart 1942 tot Februarie 1945 is 140 Geallieerde skepe (139 vragskepe en een oorlogskip) binne 1 800 kilometer van die Suid-Afrikaanse kusgebied tot sink gebring.<sup>57</sup> 133 van hierdie skepe was slagoffers van Duitse, Japannese en Italiaanse duikbote.<sup>58</sup>

- 
57. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War in the Southern Oceans, kaart aan agterste omslag.
58. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War in the Southern Oceans, kaart aan agterste omslag.

In onderstaande grafiese voorstelling van die Geallieerde verliese in genoemde tydperk,<sup>59</sup> is dit duidelik dat hierdie offensief veral gedurende die tydperk Junie 1942 tot Augustus 1943 op sy hewigste was.

Skeepsverliese binne 1 800 kilometer van die  
Suid-Afrikaanse kus



59. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler:  
War in the Southern Oceans, pp. 268 - 269.

Aanvanklik is die duikbootoffensief deur Japannese duikbote in Junie en Julie 1942 van stapel gestuur.<sup>60</sup> Vanaf Oktober 1942 was dit veral Duitse duikbote wat die see-oorlog alhier voortgesit het.<sup>61</sup>

Van die meer as 30 vyandelike duikbote wat in hierdie waters operasioneel opgetree het, is slegs drie as gevolg van Geallieerde optredes vernietig.<sup>62</sup> Van hierdie totaal is slegs een, naamlik U-197, deur 'n Catalina-vliegtuig van die Britse Lugmag, wat by St. Lucia gestasioneer was, vernietig.<sup>63</sup>

In die lig van bogenoemde feite wil dit voorkom asof die S.A. Lugmag in hierdie jare nie veel gedoen het om die Kaapse seeroete te beskerm nie. Dié indruk word verder versterk deur 'n uitspraak wat gemaak is toe die Geallieerde skeepvaart in Oktober en November 1942 hoë verliese gely het. Van die S.A. Lugmag se lugdekking is gesê dat dit "limited

---

60. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 220, U-Boat operations of the Axis Powers in S.A. Waters, pp. 7 - 8.

61. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 220, U-Boat operations of the Axis Powers in S.A. Waters. Vir die verloop van die see-oorlog in Suid-Afrikaanse waters vergelyk L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War War in the Southern Oceans.

62. S.A.W. - Argief: Union War Histories, Houer 220, U-Boat operations of the Axis Powers in S.A. Waters, pp. 13, 21, 37.

63. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 278.

air cover" was en "what there was available was untrained."<sup>64</sup>

Daar moet egter daarteen gewaak word om die lugmag se rol in die see-oorlog as onbeduidend af te maak. Weliswaar het die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n tekort aan goettoegeruste vliegtuie ondervind om hierdie seeroete effektief te patrolleer. Die Anson-, Beaufort en selfs uitgediende Hartbees-vliegtuie<sup>65</sup> wat deur die Suid-Afrikaanse Lugmag gebruik is om die kus te patrolleer was nie alleen te min nie, maar ook nie ten volle geskik vir hierdie rol nie. Dat die lugmagpersoneel verbonde aan maritieme operasies 'n gebrek aan ervaring in hierdie tipe oorlogvoering gehad het, lei ook geen twyfel nie. Hierdie feit word duidelik onderstreep in die verslae aangaande aanvalle wat vliegtuie op vyandelike duikbote uitgevoer het.<sup>66</sup>

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die Geallieerde skepe wat binne 1 800 kilometer van die Suid-Afrikaanse kus gedurende die jare 1942 tot 1945 tot sink gebring is, slegs 1,3 persent uitmaak van die aantal kusvaarders en oseaanskepe wat Kaapstad in hierdie tydperk aangedoen het.<sup>67</sup> Die uitspraak dat

---

64. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War in the Southern Oceans, p. 203.

65. James A. Brown: Eagles Strike, p. 395.

66. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 53, Lêer AE/7/B, Coastal Squadrons, Sightings, attacks and Results.

67. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming, J.E. Betzler: War in the Southern Oceans, pp. 254 en 258.

die lugpatrollies van die Suid-Afrikaanse Lugmag "definitely curtailed the activities of the U-Boats ..."<sup>68</sup> is dus nie oordrewe nie en die lugmag het hulle rol as "a watching force" in die see-oorlog tot uitvoer gebring.

## 2. LUGVERVOER

Alhoewel die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag in die Tweede Wêreldoorlog deur die bydrae van hulle vegvliegtuie, vegterbomwerpers, verkenningsvliegtuie en bomwerpers gekenmerk word, moet die rol van hulle eskaders belas met vervoer van voorrade en personeel, nie gering geskat word nie. Waar hierdie diens aanvanklik tot Oos-Afrika beperk was,<sup>69</sup> het dit aan die einde van die oorlog tot in Italië gestrek.


---

68. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 53, Lêer I/B/3,  
U-Boats, p. 1.

69. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 160, Lêer BC/I/A/I.  
Shuttle Service "Brochure" - Together with original Sectional  
Contributions, p. 3.



### LUGROETE NA ITALIË



Vergelyk S.A.W.- Argief: S.A.A.F., Houer 160, Lêer  
BC/I/A/I, Shuttle Service "Brochure" - Together  
with original Sectional Contributions.



Sedert die uitbreek van die oorlog tot aan die einde van Februarie 1945, was die Suid-Afrikaanse Lugmag se heen-en-weerdiens vanaf Pretoria na die Noorde verantwoordelik vir die vervoer van 53 126 passasiers en 1 491 ton voorrade.<sup>70</sup> In hierdie hele tydperk was daar ook slegs een noodlottige ongeluk naamlik op 19 Desember 1942, toe 'n Lodestar-vliegtuig met twaalf insittendes waaronder generaal Dan Pienaar, in die Victoriameer neergestort het pas nadat dit van Kisumu opgestyg het.<sup>71</sup> (Dit moet egter genoem word dat hierdie vlug nie deel van die normale heen-en-weerdiens uitgemaak het nie.)<sup>72</sup>

Afgesien van die heen-en-weerdiens tussen Suid-Afrika en Europa, het Nos. 28 en 44 Eskaders in die Middellandse Seegebied meer as 100 000 passasiers en 15 000 ton voorrade vervoer.<sup>73</sup> Verder moet ook in gedagte gehou word dat die Suid-Afrikaanse Lugmag verantwoordelik was vir die repatriasie van meer as 60 000 Suid-

- 
70. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 160, Lêer BC/I/A/I, Shuttle Service "Brochure" - Together with original Sectional Contributions, p. 14.
71. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 160, History of the development of S.A.A.F. Shuttle Service, Union-North, p. 3.
72. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 160, History of the development of S.A.A.F. Shuttle Service, Union-North, p. 3.
73. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of LT. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 17.

Afrikaanse soldate na afloop van die oorlog na Suid-Afrika.<sup>74</sup>

Dit was 'n taak wat op sigself uitsonderlik was as die volgende gepaardgaande probleme in gedagte gehou word.

In die eerste plek moes genoegsame brandstof by die verskillende landingsvelde geberg word om die lugbrug glad te laat verloop.<sup>75</sup>

Verder moes daar daaglik aan 3 660 manskappe kos en verversings voorsien word sowel as akkommodasie waar daar oornag is.<sup>76</sup>

Hierdie taak is egter suksesvol afgehandel en soldate kon heelwat vroeër na Suid-Afrika terugkeer as wat andersins die geval sou gewees het.

---

74. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 345.

75. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 341.

76. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 345.



## EVALUERING

Getrou aan hulle leuse - PER ASPERA AD ASTRA (deur stryd tot oorwinning) - het die Suid-Afrikaanse Lugmag gedurende die jare 1939 tot 1945 uiteindelik as oorwinnaars uit die stryd getree. Oorwinnaars in 'n stryd wat nie alleen teen die verskillende vyandelike lugmagte gevoer is nie, maar ook 'n stryd om aan al die vereistes wat daar aan 'n lugmag gestel is, te voldoen.

In die onderskeie oorlogsteaters waar die Suid-Afrikaanse Lugmag deel van die Geallieerde lugmagte gevorm het, het hulle 'n belangrike rol gespeel om nie alleen lugsuperioriteit te bekom nie, maar om dit ook te behou. In hierdie proses het hulle ook die agting van lede van die Geallieerde lugmagte afgedwing soos duidelik deur die volgende woorde van lugmaarskalk A.W. Tedder weerspieël word: "Your boys, whether fighter pilots, bomber crews, recce crews or those magnificent ground staff men who get so much of the work and so little of the glory, maintained an effort which, had I been asked before, I should have said was quite beyond the bounds of human endeavour."<sup>1</sup>

Verder is dit uit hierdie ondersoek duidelik dat hierdie lugmag nie alleen 'n belangrike rol ten opsigte van lugsuperioriteit gespeel het nie, maar ook betreffende hulle ondersteuning aan die

---

1. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of LT. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 9.

landmagte in Oos- en Noord-Afrika, Madagaskar en die Middellandse Seegebied.

In hierdie verband dink ons aan die rol wat die lugmag in Italiaans-Oos-Afrika gespeel het om die Geallieerde landmagte se opmars in die suide en die noorde by te staan. In Noord-Afrika was dit weer eens die Suid-Afrikaanse Lugmag wat hulle uitmuntend van hulle taak gekwyt het, in veral die tydperk van die Geallieerde terugval na El Alamein tot die finale vyandelike oorgawe in 1943. In Italië, waar die Suid-Afrikaanse Lugmag tot volle wasdom gekom het, is die sukses van hulle aanvalle op vyandelike toevoerlinies deur die bevelvoerder van Tactical Air Force, generaal John K. Cannon as "...one of the main contributory factors to the enemy's defeat"<sup>2</sup> beskryf.

Aan die einde van die oorlog het vise-lugmaarskalk R.M. Foster hom soos volg oor die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag uitgelaat:

"The part played by the Desert Air Force in the total defeat of the enemy on the Italian front has been a notable one, and the S.A.A.F. squadrons of this command have taken their full share in these most successful operations. The number of decorations won by S.A.A.F. aircrews testifies to their gallantry and to the excellence of their work. I have been

---

2. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of LT. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 13.

most happy to have these squadrons under my command, and I can assert with absolute conviction that there are no finer squadrons with the Allied Air Force, and that no squadrons could have done better than they have done".<sup>3</sup>

Namate die Tweede Wêreldoorlog voortgeduur het, het die Suid-Afrikaanse Lugmag nie in grootte en slaankrag gestagneer nie, maar het eerder op hierdie gebied 'n geweldige ontwikkeling getoon.

Waar die Suid-Afrikaanse Lugmag in Desember 1941 'n personeelsterkte van 3 248 lede in die Midde-Ooste gehad het,<sup>4</sup> het hierdie getal teen Mei 1944 meer as verdubbel, toe die getalsterkte op 8 003 lede te staan gekom het, waarvan 5 683 Blankes en 2 320 Nie-blankes was.<sup>5</sup> 'n Maand later, het die Suid-Afrikaanse Lugmag 'n personeelsterkte van 12 677 lede gehad, waarvan 10 228 Blankes was, terwyl die getal Nie-blankes op 2 449 te staan gekom het.<sup>6</sup> In Maart 1945 het die Suid-Afrikaanse Lugmag in totaal 18 369 lede in die Middellandse Seegebied en Europa gehad,

- 
3. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 242, Lêer FB/3/D, Message from Air Vice Marshall R.M. Foster A.O.C., D.A.F. re part played by S.A.A.F. Squadrons in D.A.F. (Also order of Fly Past by D.A.F. Wings May 28th '45).
  4. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A, The South African Air Force - A Brief History of Facts and Figures, p. 3.
  5. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A, The South African Air Force - A Brief History of Facts and Figures, p. 3.
  6. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A, The South African Air Force - A Brief History of Facts and Figures, p. 3.

waarvan 15 723 Blankes was en 2 646 Nie-blankes.<sup>7</sup>

Die groei van die Suid-Afrikaanse Lugmag, word ook in die aantal vliegtuig=  
eskaders weerspieël. In April 1941 was daar slegs twee Suid-Afrikaanse  
eskaders in die Midde-Ooste,<sup>8</sup> terwyl hierdie getal aangegroei het om  
met die Slag van El Alamein, op tien te staan te kom.<sup>9</sup> In Januarie  
1944 het die aantal eskaders in Italië, Europa en die Middellandse See=  
gebied aangegroei tot sestien,<sup>10</sup> terwyl daar in September 1944, nie minder  
as 27 eskaders in hierdie gebied diens verrig het.<sup>11</sup>

Met so 'n geweldige uitbreiding wat die personeel aanbetref, moes die  
Suid-Afrikaanse Lugmag nie alleen oor genoegsame opleidingsprogramme  
en fasiliteite beskik nie, maar daar moes ook 'n infrastruktuur vir die  
beheer en organisasie geskep word.

- 
7. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A, The South African Air Force - A Brief History of Facts and Figures.
  8. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Schedule of S.A.A.F. (Flying) Units, pp. 1 en 2.
  9. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A, The South African Air Force - A Brief History of Facts and Figures, p. 3.
  10. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A, The South African Air Force - A Brief History of Facts and Figures, p. 3.
  11. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5/A, S.A.A.F. contribution to Union Year Book 1939 - 1946, Bylae: Introduction to Mediterranean Campaign after May 1943, p. 1.

### Opleidingsprogram en -fasiliteite van die Suid-Afrikaanse Lugmag

Wat die eerste van hierdie aspekte, naamlik die opleidingsprogram en -fasiliteite betref, is daar reeds vroeg in die oorlog tot die besef geraak dat hierdie arm van die Unie-Verdedigingsmag ten alle koste ontwikkel en uitgebrei moes word. Derhalwe is daar op 'n dinamiese opleidingsprogram in samewerking met die Britse Lugmag besluit.<sup>12</sup> Hierdie program wat as die "Joint Air Training Scheme" bekend sou staan, is alreeds op 1 Augustus 1940 in Suid-Afrika van stapel gestuur.<sup>13</sup> Hierdie skema het nie alleen voorsiening gemaak vir die opleiding van Suid-Afrikaanse Lugmag= personeel nie, maar ook vir die opleiding van Britse vlieëniers, navigators, boordskutters, ambagslui en dies meer.<sup>14</sup>

Met die aankoms in Suid-Afrika op 7 Oktober 1940 van vise-lugmaarskalk M.B. Frew wat as Direkteur van Opleiding sou optree,<sup>15</sup> het hierdie program van krag tot krag gegaan met

- 
12. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  13. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  14. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  15. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.

die gevolg dat daar aan die einde van 1941, reeds 956 opgeleide Suid-Afrikaanse vlieëniers was<sup>16</sup> en ook 1 709 vliegtuie wat vir opleiding en operasionele vlugte langs die Suid-Afrikaanse kus en in Oos- en Noord-Afrika gebruik is.<sup>17</sup>

Teen die einde van 1942 het die Suid-Afrikaanse Lugmag 2 349 opgeleide vlieëniers gehad,<sup>18</sup> terwyl die aantal vliegskole van ses tot agtien vermeerder het.<sup>19</sup> In Mei 1943 was die opleiding van vlieëniers om in die Suid-Afrikaanse Lugmag se eie behoeftes te voorsien, reeds so gevorderd, dat die Suid-Afrikaanse regering 600 opgeleide vlieëniers aan die Britse Lugmag vir sekondering kon aanbied.<sup>20</sup> Aan die einde van Mei 1944, het die Suid-Afrikaanse

- 
16. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  17. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  18. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  19. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  20. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.



Lugmag 3 462 opgeleide vlieëniers<sup>21</sup> en 4 460 vlieguie gehad wat vir opleiding en operasionele vlugte lokaal en oorsee gebruik is.<sup>22</sup>

Dit was egter nie alleenlik Suid-Afrikaanse Lugmagpersoneel wat hulle opleiding alhier ontvang het nie, maar ook veral personeel verbonde aan die Britse Lugmag. So is daar van die begin van die oorlog tot in November 1944, afgesien van die groot aantal ambagslui, navigators en boordskutters, 5 073 vlieëniers en 385 instruksors in Suid-Afrika opgelei.<sup>23</sup>

Dat die opleiding wat die lugmagpersoneel aanvanklik in 1941 ontvang het, nie heeltemal aan die vereistes wat aan hulle onder operasionele omstandighede gestel is, voldoen het nie, ly geen twyfel nie. Hierdie feit word duidelik in verslae tussen die bevelvoerder van No. 233 Operasie-opleidingseenheid in Egipte, vleuelkommandeur Jack Roulston, die bevelvoerder van No. 21 Eskader van die Suid-Afrikaanse Lugmag, luitenant-kolonel J.D. Pretorius, en die senior administratiewe offisier van die Suid-Afrikaanse Lugmag, luitenant-kolonel W.H. Hingeston, weerspieël.<sup>24</sup>

- 
21. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  22. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 2.
  23. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 3, Lêer AA/5/A, Chronology of S.A.A.F. War Effort prepared for broadcasting, Bylae: Training, n.p.
  24. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 87, S.A.A.F. Admin. Headquarters, Middle East War Diary April - December 1941, pp. 13388 - 13393.



Volgens hierdie verslae, was die belangrikste tekortkoming in die Suid-Afrikaanse Lugmag se mondering, die feit dat hulle nie genoegsame praktiese ervaring opgedoen het voordat hulle aan operasionele vlugte deelgeneem het nie.<sup>25</sup> Hierdie verstaanbare tekortkominge het egter, namate meer vliegtuie vir opleiding beskikbaar geword het, in so 'n mate verbeter dat vise-lugmaarskalk M.B. Frew by geleentheid met genoegdooening kon verklaar: "The most gratifying aspect of the Joint Air Training Scheme has been the Air Ministry's assessment of the aircrews from the Union. They are classed as 'first-class', and in these days of precision bombing that is praise indeed."<sup>26</sup>

#### Beheer en organisasie

In die eerste hoofstuk van die studie is gewys op die outokratiese manier waarop die Hoof van die Generale Staf, sir Pierre van Ryneveld, die Suid-Afrikaanse Lugmag bestuur het. Sy onvermoë of onwil om sy magte en pligte te delegeer, het die Lugmag 'n strakke en lompe struktuur gegee waar daar weinig sprake van soepelheid was. Teenoor Van Ryneveld se stelsel het die Britse Lugmag duidelik gedefinieerde substrukture van administratiewe, tegniese en operasionele afdelings gehad wat aan

- 
25. S.A.W. - Argief: WD(SAAF), Houer 87, S.A.A.F. Admin. Headquarters, Middle East War Diary April - December 1941, p. 13389.
26. S.A.W. - Argief: S.A.A.F., Houer 4, Lêer AA/5, Manuscript of Lt. A.C. Parker's History of S.A.A.F. (Appeared in August copy '45 of Libertas), p. 3.



hulle 'n doeltreffende infrastruktuur besorg het.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die verskillende eenhede van die Suid-Afrikaanse Lugmag onder bevel van die Britse Lugmag gestaan. Hierdie samewerking het 'n totale transformasie in die organisatoriese opset van die Suid-Afrikaanse Lugmag teweeggebring aangesien die effektiwiteit van die Britse stelsel nie vir die Suid-Afrikaners verlore gegaan het nie. "Close integration of staffs, instructional methods and general organization with the RAF had left the SAAF with a legacy of knowledge and experience of inestimable value."<sup>27</sup>

Wanneer al die genoemde feite van die Suid-Afrikaanse Lugmag se optredes in ag geneem word, is dit duidelik dat die lugmag aan die verskillende vereistes wat aan hulle gestel is, voldoen het. Teen die einde van die oorlog kon generaal C.J. Venter, Direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Lugmag, met reg sê: "The SAAF has lived up to the best traditions of any Air Force and set an example to South Africa which may be equalled but never surpassed."<sup>28</sup>

---

27. H.J. Martin and Neil D. Orpen: South Africa at War, p. 348.

28. H.J. Martin and Neil D. Orpen: Eagles Victorious, p. 445.